Matieland

Universiteit van Stellenbosch
Jaargang 14
Nommer 1 April 1970



FEDERALE
VOLKSBELEGGINGS
BEPERK . . .

Wydverspreide en vinnig
groeiende belange in :

Bankwese en finansiering
Chemiese nywerheid
Handel en dienste
Eiendomsontwikkeling
Konstruksie en
ingenieurswese
Voedsel en klerasie
Mynbou

STEWIG GEVESTIG
ALTYD DINAMIES

F V B

DIE FEDERALE GROEP

WZ&R — K235/51A/1

Belê in geluk-
maak u geld
Permanente
geld

SUID-AFRIKAANSE
PERMANENTE
BOUVERENIGING
Groei met Suid-Afrika...vanaf 1883

Permanente Gebou, Pleinstraat 4, Stellenbosch

Grant 3.7

wat Goudvelde die talentvolle gegradueerde aanbied

Geleentheid Ontwikkeling Erkenning

Goudvelde is 'n Suider-Afrikaanse groep maatskappye in die bestuurswese, mynwese, finansies en die nywerheid, met wêreldwye skakeling.

Gegradueerdes in uiteenlopende rigtings word benodig: Myn-, Meganiese, Siviele, Elektriese en Chemiese ingenieurswese; Geologie; Metallurgie; Geneeskunde; Regte; Handel; Wetenskap; Wiskunde; Administrasie.

Die Groep bied jong gegradueerdes wat streef na erkenning vir hul werk uitmuntende geleenthede vir persoonlike ontwikkeling en vooruitgang.

Gegradueerdes en studente wat binnekort gradueer, word genooi om met die Personeelbeampte in aanraking te kom om 'n onderhoud te reël.

GOUDVELDE VAN SUID-AFRIKA BEPERK

POSBUS 1167, JOHANNESBURG. TEL. 838-8381

IN 1845 GESTIG DEUR 166 SUID-AFRIKANERS

Die Ou Mutual is Suid-Afrika se oudste en grootste lewensversekeringsgenootskap. Sy verlede is 'n verhaal van diens aan ons land. In tye van droogte depressie en oorlog het Suid-Afrikaners in hul duisende ondervind dat die Genootskap 'n veilige finansiële anker is. Vandag deel Suid-Afrikaners almal in die welvaart van die Ou Mutual, want sy bates word ingespan tot voordeel van die nasie en die enkeling.

DIE OU MUTUAL

SAM 3350-1

As ons geluk by emmersvol verkoop het sou u gekoop het?

'n Mens kan geluk nie koop nie. Dit is iets wat verwerf moet word. Maar dit sal nooit gebeur solank u 'n knaende kwelling het dat iets môre u hele wêreld kan laat intuimel nie.
Vandag reeds kan u 'n groot stap tot geluk doen – laat Sanlam u wys hoe hulle u lewensideale kan help verwesenlik – met die wete dat die geld waarvoor u werk weer werk vir dinge wat vir u gaan saak maak. Onafhanklikheid.

'n Lewe waar u die besluite neem. Nie een waar omstandighede dit vir u doen nie. Ons verteenwoordigers is opgeleide kenners van alle vertakkinge van versekering en sake wat u persoonlike finansies wesenlik raak. En Sanlam is meer as 50 jaar reeds dinamies deel van Suid-Afrika se groei en bloei. Hulle is mense wat uit ondervinding weet waarom dit gaan – mense wat weet hoe om jou te help om jou toekoms te beplan.

SANLAM
vir die voordele van
LEWENDE VERSEKERING

MATIELAND

UITGEGEE VIR OUD-STUDENTE EN DONATEURS
DEUR DIE
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

ONDER REDAKSIE VAN
J. J. OOSTHUYSEN

MET MEDEWERKING VAN
DIE DEPARTEMENT VAN ONTWIKKELING

JAARGANG 14 NO. 1 APRIL 1970

In hierdie Uitgawe

Die Kanselier, Die Rektor, Die Vise-Kanselier, 7
Redaksioneel
'n Nuwe Rektor aan die Roer, 8
Eredoktorsgraad in Opvoedkunde aan Prof. H. B. Thom, D.Phil., 9
Nuwe Lede van die Universiteitsraad, 9
Ons Eer Hul Nagedagtenis, 10
Inhuldiging van Prof. J. N. de Villiers, 12
Eerbewys deur sy Kollegas, 14
Grade- en Diplomaplegtighede, 15
Nuwe Doktore van U.S. 15
Stipendia en Medaljes toegeken, 18
Prof. H. B. Thom tree uit as Rektor, 19
Motivering vir die toekenning van die Graad D.Ed. (h.c.) aan Prof. dr. H. B. Thom, 19
'n Groot vriend van U.S.: Dr. M. S. Louw, 20
„Professor H. B. Thom" 'n Treffer, 21
Afskeid aan die Rektorspaar, 22
Die Legitimasie-seremonie van die Fakulteit van Teologie, 25
Opening van die Universiteit, 26
Aanstellings en Bevorderings, 27
Die Messias van Händel in Afrikaans, 31
Skenkings en Beurse, 32
Kursusse, 34
Vertrekkende Dosente, 37
Oud-Maties : Die Konvokasie 11 Desember 1969, 38
Studentebedrywighede, 41
F.A.K.-Musiekbeurse, 43
Metodes van Universiteitsonderrig, 43
Vyf broers op U.S., 44
Die Nuwe Rekensentrum, 44
Prof. Gonin vertaal „Praelectiones", 45

VOORBLADFOTO:

Volgens jaarlikse gebruik het die Vise-kanselier en die Rektor die nuwelinge in die vierkant van Dagbreek onthaal.

Foto: Die vier persone voor in die paadjie v.l.n.r.: Mnr. B. Wolmarans (Primarius van Dagbreek), prof. J. N. de Villiers (die nuwe Rektor), dr. J. S. Gericke (Vise-kanselier) en mnr. A. J. Basson (Ontwikkelingsbeampte).



Die Kanselier

SY EDELE B. J. VORSTER,
B. A., L L. B., D. PHIL. (H. C.) (STELL.)

Die Vise-Kanselier

DIE WELEERW. HEER J. S. GERICKE,
B. A., D. TH. (H. C.) (STELL.)

Die Rektor

DIE WELED. HEER PROF.
J. N. DE VILLIERS, M. B., CH. B., M. O. & G.,
F. R. C. O. G.

Redaksioneel

'n Nuwe Rektor aan die Roer

Op Maandag, 5 Januarie 1970, het prof. Jan Naudé de Villiers as Rektor van die Universiteit van Stellenbosch sy kantoor in die Administrasiegebou van die Universiteit betree – en saam met hom het stellig ook 'n nuwe era ingetree. Die manne wat in die verlede die akademiese en administratiewe leiers van Stellenbosch was, was manne met geesteskrag en daadkrag, en die nuwe rektor val in dieselfde kader. Soos die ampstye van die vorige rektore hulle eie kenmerke dra, sal die De Villiers-era ook syne dra.

Teen hierdie tyd is die nuwe rektor reeds vasgevang in die ratte van amptelike pligte. Die oorskakeling van sy professorale en geneeskundige loopbane na 'n administratiewe pos het met persoonlike opoffering gepaard gegaan, derhalwe is ons wens dat dewyl hy sy *beroep* as geneesheer vaarwel gesê het, hy geestelike vergoeding sal kry in sy *roeping* as opvoedkundige leier van die dosente en studente van 'n volle universiteit.

Op 1 September 1955 skryf wyle dr. D. F. Malan vanuit *Môrewag* van hom: „By sy akademiese kennis en bekwaamheid openbaar hy presies daardie eienskappe van menslikheid wat in die praktyk van 'n suksesvolle geneesheer so volstrek onontbeerlik is." In 1956 is hy aangestel as professor van Verloskunde en Ginekologie aan die nuwe Fakulteit van Geneeskunde van U.S. Binne weinige jare na sy aanstelling ontwikkel hy die eerste – vandag nog die mees omvangryke – sito-genetiese departement* in S.A. In 1969 is hy verkies tot lid van die S.A. Geneeskundige en Tandheelkundige Raad – 'n bewys van vertroue en hoë agting van die kant van sy kollegas.

In prof. De Villiers het U.S. 'n akademikus wat op eie meriete sy man onder die wêreld se geleerdes kan staan. Hy het op die internasionale vlak beweeg deurdat hy lid van die Uitvoerende Raad van die International Federation of Obstetricians and Gynaecologists was en hy was ook voorsitter van die Committee of Qualifications wat die internasionale standaard van die opleiding van ginekoloë bepaal.

'n Paar jaar gelede is hy genooi om die kongres van die Federation of French Speaking Gynaecologists in Lausanne, Switserland, toe te spreek. Hier het die akademikus op 'n ander wyse te voorskyn getree. Hy het drie maande tyd gehad om sy lesing voor te berei, maar as deel van sy taak het die boerseun van De Doorns ook Frans geleer en sy lesing voor die uitgelese gehoor in hulle eie taal gehou. (In 1954 het hy by geleentheid sy moedertaal vereer deur sy M.O. & G.-eksamen in Afrikaans aan die Universiteit van Kaapstad af te lê.)

As mens is prof. De Villiers genaakbaar en spontaan vriendelik. In sy departement het hy van elkeen verwag om sy bes te doen, en sy personeel het positief gereageer. Soos hy hom in die verlede beywer het vir die opbou van sy departement, so het hy reeds duidelik laat blyk dat hy hom nou ten volle inwerp vir die welsyn van U.S. as primêre taak. Hierin sal hy sekerlik slaag, want uit sy werk en optrede het 'n stelreël na vore getree: as ons diep eerlik is met onsself, en die een teenoor die ander, is ons werk in die toekoms verseker.

Prof. De Villiers vind sy geluk in sy huis, saam met sy eggenote en vyf kinders. Met sy eggenote het hy ook akademiese aansluiting omdat sy self 'n dokter is. So het hy dan die agtergrond om 'n begrip te hê van huislike probleme, studente s'n en ouers s'n.

Ook vir mev. De Villiers, wat verkies om in die gewone lewe liewer die eggenote van haar man en die moeder van haar kinders te wees, wag 'n reeks van nuwe pligte in ryke verskeidenheid en veeleisendheid.

Maar ons nuwe rektor en rektorsvrou kan staatmaak op die samewerking van die akademiese en administratiewe personele. Die leiding van die Rektor sal

* Dit handel hier o.a. oor die vroegtydige ontdekking van kanker.

gepaard gaan met lojaliteit van dosent, amptenaar en student wat sal lei tot die verdere bloei van ons alma mater. Weer sal 'n toekomstige Langenhoven kan sê: „Vir my was dít die grootste eer: ek het op Stellenbosch studeer."

Eredoktorsgraad in Opvoedkunde aan Prof. H. B. Thom, D.Phil.

Waar daar in die reël meer as een eredoktorsgraad by die Universiteit van Stellenbosch se gradedagplegtighede toegeken word, is prof. Thom in die jaar van sy uittrede as Rektor van U.S. deur die Universiteitsraad vir die besondere eer uitgesonder om die enigste persoon te gewees het wat op 12 Desember 1969 'n eredoktorsgraad ontvang het. Die Kanselier van U.S., Sy Edele dr. B. J. Vorster, het die graad toegeken.

Prof. Thom is reeds in 1931 as lektor in die Geskiedenis aan U.S. aangestel, is drie jaar later tot senior lektor bevorder en het in 1936 wyle prof. Blommaert, sy oud-leermeester, as hoogleraar opgevolg. In 1954 het prof. Thom as Rektor waargeneem, terwyl prof. Wilcocks met verlof was. In 1955 is hy as Rektor aangestel. In die sestien jaar van sy rektorskap het U.S. fenomenaal gegroei, soos vry deeglik beskrywe in die boek *Professor H. B. Thom* (1969).

As eerste voorsitter van die nuwe Nasionale Onderwysraad (1969) kan hy sy opvoedkundige taak voortsit met die ywer, deeglikheid en kennis waaroor hy as ervare onderwysman beskik.

Sy alma mater bring aan prof. en mev. Thom opregte dank en waardering vir die verlede en beste wense vir die namiddagskof.

Nuwe Lede van die Universiteitsraad

Op 14 Februarie 1970 het die Voorsitter van die Raad van U.S. aangekondig dat die volgende persone tot lede van die Raad herkies/herbenoem is:

Deur die Konvokasie:
Dr. J. S. Gericke
Dr. M. S. Louw
Mnr. P. A. Weber

Deur die Kieskollege van Donateurs:
Sy Ed. J. F. W. Haak

Deur die Munisipaliteit van Stellenbosch:
Prof. J. C. de Wet

Deur die Staatspresident:
Sy Ed. P. O. Sauer
Mnr. C. J. F. Human

Die gemelde lede is almal herkies of herbenoem.

Ons Eer Hul Nagedagtenis

DR. H. J. VAN ECK

Dr. Hendrik Johannes van Eck het op 18 Februarie vanjaar skielik in die ouderdom van 67 jaar heengegaan. Ten tyde van sy dood het hierdie wêreldbekende ekonoom as direkteur, voorsitter of ondervoorsitter in 38 liggame gedien. Hy kan as die argitek van S.A. se merkwaardige nywerheidsontwikkeling bestempel word.

Hy is op 27 April 1902 in die distrik Kimberley gebore. In 1920 het hy die B.Sc.-graad met lof op Stellenbosch behaal en die volgende jaar die M.Sc-graad, ook met lof. In Charlottenburg, Duitsland, het hy sy doktorsgraad in Ingenieurswese behaal. Hy het ses eredoktorsgrade ontvang.

In 1926 is hy met mej. Helen Rau van Reddersburg getroud. Die egpaar het drie seuns. Saam met sy gesin treur sy alma mater oor die heengaan van 'n merkwaardige en lojale oud-Matie.

Dr. H. J. van Eck ontvang die eregraad D.Comm. van wyle dr. T. E. Dönges tydens 'n buitengewone gradedagplegtigheid van U.S. op 29 Julie 1959.

DR. A. L. GEYER

Dr. A. L. Geyer, gewese redakteur van *Die Burger* en Hoë Kommissaris in Londen, is op 13 Desember 1969 in die ouderdom van 76 jaar oorlede. In 1959 het hy van U.S. 'n eredoktorsgraad ontvang. Hy was ook onderwyser, voorsitter van Sabra, kerkman, direkteur van maatskappye, boer en botanikus. Op heel Suid-Afrika, op vriend en vyand, het hy sy stempel nagelaat.

MNR. A. J. L. STEYN

Op Vrydag, 12 Desember 1969, het *mnr. Attie Steyn* skielik in die ouderdom van sestig jaar heengegaan. Enkele oomblikke voor sy oorlye het hy nog 'n student by die toonbank van die kassier gehelp. Hy was 33 jaar in diens van U.S. as 'n administratiewe amptenaar.

Ten tye van sy dood was hy o.a. President van die Bolandse Pluimbalvereniging, Erepresident van die Stellenbosse Pluimbal- en Tennisklubs, lewenslid van die W.P. Rugbyskeidsregtersvereniging, ondervoorsitter van die Stellenbosse Subkomitee van die Rugbyskeidsregtersvereniging en voorsitter van die onlangs gestigte Van der Stel-Sportfederasie. So het hy sy groot ideaal gedien om vir die jeug fasiliteite te probeer skep vir gesonde ontspanning. Hy was ook 'n ouderling van die N.G.K.-Stellenbosch-Sentraal.

Ons innige meegevoel gaan uit tot sy eggenote en sy kinders.

DAWIE ACKERMANN

Op 1 Januarie 1970 is die skokkende nuus aan my meegedeel dat my ou vriend en kamermaat, Dawie Ackermann, aan 'n hartaanval oorlede is. Hy was nog maar 39 jaar oud en in die fleur van sy lewe. Vir duisende oud-Maties oor die hele land was hierdie nuus byna ongelooflik, want Dawie was die toonbeeld van gesondheid en lewenskragtigheid.

Op Stellenbosch sal hy onthou word as uitblinkerrugbyspeler van die Maties en die W.P. In 1955 het hy Europa besoek as lid van die gekombineerde rugbyspan van die Maties en die Ikeys. In dieselfde jaar het hy ook sy eerste wedstryd vir Suid-Afrika gespeel, t.w. in die tweede toets teen die Leeus. In 1956 het hy in ses van die agt toetswedstryde in Australië gespeel. Die agtste en laaste toetswedstryd waarin hy gespeel het, was dié teen die Franse in 1958.

Dawie sal egter ook onthou word as vriendelike, beminlike mens wat sy plek in sy werk, sy huis en die samelewing volgestaan het. Ten tyde van sy heengaan was hy senior personeelbeampte by die S.A.U.K. in Johannesburg. Hy laat sy vrou Louise en drie kinders – Dalou (10), Dawie (8) en Cornelis (6) – agter. Louise was op haar dae Joolkoningin van die Maties en het, net soos Dawie, die graad B.A. in Liggaamlike Opvoedkunde aan die Universiteit verwerf.

Ons opregte en diepe meegevoel gaan uit tot Louise en die kinders.

P. J. LOMBARD

Mnr. Jan Gabriel Peens (Stellenbosch 1916–1919) is op 12 September 1969 oorlede na 'n lang siekbed. Hy het jare lank op Potgietersrus (N.Tvl.) as prokureur gepraktiseer en was ook die Onderbalju van die Hooggeregshof. Hy word nog deur sy eggenote oorleef.

Ds. Victor du Plessis, vroeër moderator van die Streeksinode Phororo (N.G. Kerk in Afrika) is op 13 Des. 1969 oorlede. Wyle ds. Du Plessis is in 1932 gelegitimeer.

Mnr. Augustinus (Koch) de Jager, voormalige rektor van die Paul Roos-Gimnasium op Stellenbosch, is op 21 Desember 1969 op 59-jarige ouderdom in Parow aan 'n hartaanval oorlede. Die afgelope tien jaar was hy omgangsinspekteur van onderwys. Hy laat sy eggenote en vier seuns agter.

Mnr. William Marshall McDonald (B.Sc. Bosbou, 1967) het onverwags in 'n motorongeluk in Noord-Transvaal in Oktober 1969 gesterf. Hy was 'n oud-Dagbreker en 'n oud-Simonsberger.

Foto: Die Rektor, prof. H. B. Thom, bied verversings aan Dawie tydens 'n onthaal vir die Stellenbosse Springbokke in 1956.

Inhuldiging van Prof. J.N. de Villiers

Op die aand van 20 Februarie 1970 is die H. B. Thomteater weer eens vol belangstellendes. Die kleurryke akademiese prosessie van ongeveer 140 persone tree die saal plegtig binne. Die rektore van die ander S.A. universiteite is aanwesig, asook verskeie kabinetslede, hulle eggenotes en lede van die Diplomatieke Korps. Televisiekameras draai met verblindende lig.

Die uitgetrede rektor, prof. H. B. Thom, bring die intredende rektor die saal binne en met 'n ligte buiging gee hy prof. J. N. de Villiers af aan die Kanselier, dr. B. J. Vorster.

Met 'n sonore stem sê die Kanselier: „Die Raad van die Universiteit van Stellenbosch het kennis geneem van u voortreflike loopbaan, u verdere studie in die buiteland, u suksesvolle beoefening van u professie, die uitmuntende wyse waarop u as hoogleraar u studente gelei het en die Wetenskap gedien het. U het groot aansien vir uself, u Universiteit en u Vaderland verwerf.

„Die Raad soek ook na 'n mens wat vol in die lewe staan soos u en u eggenote wat u gesin gebou en u kinders voorbeelding voorgegaan het.

Die Raad soek ook iemand wat 'n student verstaan. In u eie studentetyd het u self 'n hoë peil bereik.

„Vir Stellenbosch soek die Raad ook 'n mens wat nie vreemd staan teenoor die Vaderland nie. U is gedrenk in die tradisies van die Afrikaner.

„Die Raad soek ook 'n mens wat sterk staan in die geloof en voor God.

„Ons wens u en u eggenote hartlik geluk. Mag daar baie jare van vrugbare arbeid aan u geskenk word. Aan u word die kosbaarste van 'n volk – sy jongmense – toevertrou. Lei hulle op die pad soos u dit self geloop het."

Plegtig hang die Kanselier die ampsgewaad oor die skouers van Jan Naudé de Villiers en die aanwesiges bring hom singend hulle beste wense: „Laat Heer u seën op hom daal . . ."

Inhuldigingsrede *(Beknopte samevatting)*

In sy eerste rede as ingehuldigde Rektor van U.S. het prof. De Villiers in die eerste plek sy dank betuig teenoor die Raad en die Senaat vir die vertroue in hom gestel deur hom as Rektor aan te stel. Hy was besonder geëerd dat die Kanselier, ten spyte van 'n baie vol program as Eerste Minister, na Stellenbosch gekom het om hom in te huldig.

DIE TAAK

Hy is terdeë bewus van die verantwoordelikheid wat op hom rus om te sorg dat U.S. sal voldoen aan die vereistes van 'n universiteit van formaat, getrou aan sy tradisies, en dat die universiteit 'n bepalende rol in die vorming van die toekomstige burgers van ons land sal speel.

In die eerste plek moet 'n universiteit kennis oordra – gesifte kennis van die modernste gegewens. In die tweede plek moet die universiteit navorsing doen en dit stimuleer.

EISE AAN 'N UNIVERSITEIT GESTEL

Aan die hedendaagse universiteit word ook eise gestel volgens die behoefte van die moderne gemeenskap. Dit is verblydend en in belang van die Staat dat jaarliks groter getalle voornemende studente hulle kom inskryf aan die universiteit. Dit skep egter die probleme van groter klasse en meer dosente, geboue, laboratoria en koshuise. Soos 'n universiteit groei, raak dit selfs nodig om sy kampus te desentraliseer. Stellenbosch het ook reeds kampusse in Bellville, Parow en op Saldanha.

Van 'n universiteit word vereis om meer professionele manne en vroue, asook meer gespesialiseerdes, op te lei. Die Afrikaanssprekendes het 'n groot agterstand in die professies wat ingehaal moet word – 'n be-



Die Kanselier, dr. B. J. Vorster, hang die toga van die Rektor om prof. J. N. de Villiers.

sondere uitdaging. Die opgeleide student moet sy plek kan gaan volstaan in die kompeterende atmosfeer van die private sektor. Vooraanstaande professionele indiwidue moet spesiale lesings aan die universiteit kom gee, terwyl professore aangemoedig moet word om in kommissies, rade en direksies van maatskappye te dien.

'n Universiteit moet tred hou met die kennisontploffing, moderne ontwikkelings evalueer en opneem in sy kursusinhoud. Opknappingskursusse vir oudstudente en die gemeenskap moet uitgebrei word. Sedert 1967 het U.S. reeds opknappingskursusse gereël in Geneeskunde, die onderrig van Musiek, Engels, Latyn en Wetenskap. In die afgelope week het die Universiteit 'n seminaar oor universiteitsmetodiek vir sy eie dosente gehou.

Die universiteit moet ook bereid wees om hom te onderwerp aan selfondersoek ten opsigte van sy metodes van onderrig, eksaminering, druipsyfers, studenteverhoudinge, ens.

DIE SPEKTRUM VAN OPLEIDING

Dit is 'n heuglike taak vir prof. De Villiers om as rektor in te tree van 'n Universiteit wat deur die jare rekening gehou het met die aanpassings wat nodig was as gevolg van die genoemde eise. Die Oud-rektor en die Raad en Senaat van die Universiteit verdien die hoogste lof hiervoor en hulle kan versekerd wees dat daar in dieselfde gees voortgebou sal word.

Deur die stigting van die groot getal van twaalf fakulteite is voorsien in die behoefte om 'n breë spektrum van opleiding aan die Universiteit te voorsien.

BEPLANNING

Om te voorsien in die behoefte van toekomstige aanpassings en uitbreidings het dit nodig geword om 'n

ontwikkelingsprogram vir die Universiteit op te stel wat akademiese, fisiese en finansiële beplanning kan koördineer. Die raad van die Universiteit het op sy jongste vergadering in 1970 besluit om hierdie taak op te dra aan 'n nuwe Beplanningskomitee bygestaan deur 'n Afdeling of Departement van Beplanning.

DIE STUDENTE

Daar is 'n wêreldwye neiging vandag vir studente om te agiteer vir 'n meer aktiewe rol in die toekomsbepaling van universiteite. „Laat ek dit baie ondubbelsinnig stel – die gesag van die Universiteit moet in die Raad van die Universiteit gevestig bly. Maar in die proses van aanpassing sal die Universiteit kanale moet skep waardeur oorlegpleging met die verteenwoordigers van die studente kan plaasvind. Studente moet die vryheid hê om onderling sake te kan bespreek, maar hul optredes moet binne die raamwerk van die reëls van die Universiteit en die wette van die Staat geskied. Verder moet die studente self waak dat daar nie ongeregverdigde druk van minderheidsgroepe ontstaan nie. Die ongeregverdigde gedrag van minderheidsgroepe skep verkeerde indrukke by die publiek en verminder die goedgesindheid van die publiek teencor die Universiteit," het die rektor gesê.

TOEKOMSBLIK

„Ek sien daarna uit om, met my vrou aan my sy, met die ondersteuning van die personeel en studente van hierdie Universiteit en met die hulp van die Almagtige die Universiteit van Stellenbosch te dien as rektor tot eer en in diens van Suid-Afrika."

Eerbewys deur sy Kollegas

Op 28 November 1969 het die Fakulteit van Geneeskunde van U.S. afskeid geneem van *prof. J. N. de Villiers,* die nuwe rektor van U.S. By dié geleentheid is 'n skildery van hom deur die dekaan, prof. F. D. du T. van Zijl, onthul. Die skildery is deur dr. Irmin Henkel van Pretoria geskilder. Op die meegaande foto onthul prof. Van Zijl die skildery.

Dr. Van Zijl onthul skildery.

Grade- en Diplomaplegtighede

Altesame 1,341 studente het op 8 Desember 1969 verneem dat hulle in hul finale eksamens geslaag het. Tydens die toekenningsplegtighede wat van Woensdagaand tot Vrydagoggend geduur het, is 347 diplomas en 994 grade, sowel as 1 eredoktorsgraad toegeken.

'n Graad moet verdien word

Die Vise-kanselier, dr. J. S. Gericke, het enkele gedagtes teenoor die nuwe gegradueerdes uitgespreek. 'n Universiteit se graad moet nooit deur 'n luiaard of 'n leeglêer verkry kan word nie. Die lewe beloon nie iemand met gelukskote nie, want die hoë sporte in die lewe is gereserveer vir diegene wat werk en staan vir 'n ideaal.

Op elke gegradueerde wag 'n taak. Aftakelaars, stakers, betogers en rewolusionêres het ongelukkig reeds status gekry en geniet beskerming, maar dit kan daartoe lei dat ons demokratiese vryheid 'n anargistiese monster word.

Sal die jeug van S.A. nie die weg wil aanwys *uit* hierdie kranksinnige gees nie – dat netheid van voorkoms, harde werk, die waarheid en hoë sedelike standaarde deur die jeug aanvaar moet word nie? So sal S.A. een van die laaste vestings van ordentlike leefwyse en Christelike beskawing wees.

Nuwe Doktore van U.S.

H. D. BROWN, D. SC. (INSEKTEKUNDE)

Dr. H. D. Brown het die graad D.Sc. verwerf op die proefskrif: „The predacious Coccinellidae associated with the Wheat Aphid, Schizaphis graminum (Rond.), in the Orange Free State". Die proefskrif van dr. Brown handel oor die predatoriese skilpadkewertjies wat die koringluis *(Schizaphis graminum)* aanval in dié gedeeltes van die Oranje-Vrystaat waar koring verbou word. Die promotor is prof. H. J. R. Dürr.

Dr. Brown is in 1930 naby Durban gebore. Tans neem Sprinkaannavorsing al sy tyd in beslag en het hy reeds elf wetenskaplike verhandelings daaroor geskryf.

DR. R. COWLEY, M. D.

Dr. R. Cowley, deeltydse Internis by die Karl Bremer-hospitaal, Bellville, het die M.D.-graad verwerf op die proefskrif: „Alcoholic Cardiomyopathy – an experimental and clinical study." Die proefskrif bestaan uit twee parallelle studies oor die effek van alkohol op die rot se hartspiermetabolisme aan die een kant en die effek van die chroniese misbruik van alkohol op die mens se hart. Prof. A. J. Brink is die promotor.

Dr. Cowley is op 24 Maart 1930 te Port Elizabeth gebore. Hy is getroud en het drie dogters.

W. J. ENGELBECHT, D. SC. (CHEMIE)

Dr. Willem Johannes Engelbrecht, lektor in Fisiese Chemie aan die Universiteit van Stellenbosch, het die graad D.Sc. (Chemie) verwerf op die proefskrif: „Some Applications of the Rice, Rampsperger, Kassel and Marcus Theory on Unimolecular Reactions in the Gas Phase."

Die proefskrif handel oor die toepassing van die kwantumstatistiese teorie van unimolekulêre reaksies in die gasfase. Prof. M. J. de Vries is die promotor.

Dr. Engelbrecht het sy skoolopleiding op Kakamas ontvang. Hy is getroud met dr. Aletta Bothma, geneesheer aan die Karl Bremer-hospitaal. Die egpaar het twee seuns.

DR. J. W. GROSSERT, D. PHIL.

Dr. John Watt Grossert het die graad D.Phil verwerf op die proefskrif: „A critical review of the develop-



DOKTORE EN AMPSDRAERS VAN DIE UNIVERSITEIT

Voor, l.n.r.: Drr. P. J. Nieman (D.Sc.), J. W. Grossert (D.Phil.), mnr. R. P. Conradie (Registrateur Akademies), dr. J. S. Gericke (Vise-kanselier), Sy Edele dr. B. J. Vorster (Kanselier), prof. H. B. Thom (Rektor en eredoktor vir die graad D.Ed), mnr. T. G. D. van Schalkwyk (Registrateur Finansieel), dr. R. Cowley (M.D.).

Agter: Drr. T. Heyl (M.D.), H. R. Kussler (D.Litt.), H. C. van Rensburg (D.Sc.), H. D. Brown (D.Sc.), N. Hurter (Ph.D. Landbou), M. J. Toerien (D.Sc.), E. A. C. Pretorius, J. G. Steyler (M.D.).

ment of arts and crafts education in Bantu Schools in Natal with particular reference to the period 1948–1962." Die promotor vir die proefskrif is prof. O. E. H. Schröder. Dr. Grossert is in 1913 op Tweedie, Natal, gebore en was in Durban op skool. In 1963 het hy hoof geword van die Departement Skone Kunste aan die Universiteitskollege Durban. Hy het reeds verskeie publikasies oor bantoekuns geskryf.

DR. T. HEYL, M. D.

Dr. T. Heyl, voltydse Dermatoloog en lektor in Dermatologie by die Karl Bremer-hospitaal en Universiteit van Stellenbosch het die graad M.D. verwerf op die proefskrif: „*Lipoïedprotheïnose:* 'n Plaaslike studie van die siekte met spesiale verwysing na die genealogiese aspekte daarvan." Sy promotor is dr. J. Marshall.

Hy het 'n volledige stamboom vir 'n aantal aangetaste families opgestel en vasgestel dat alle pasiënte in Suid-Afrika afstammelinge is van een familie wat hulle kort na die aankoms van Jan van Riebeeck aan die Kaap gevestig het.

Dr. Heyl is in 1932 te Nylstroom gebore.

PROF. M. L. HOWELL, D. ED. PH.

Prof. Maxwell Leo Howell, professor aan die Universiteit van Alberta, het die D.Ed. Ph.-graad verwerf op die proefskrif: „An Historical Survey of the Role of Sports in Society, with particular reference to Canada since 1700." Die proefskrif handel oor die evolusie van sportsoorte in verskillende wêrelddele en gedurende verskillende tydperke wat die erfenis aan Kanada in hierdie opsig besorg het. Die promotor vir die proefskrif is prof. D. H. Craven en as mede-promotor het prof. P. S. du Toit opgetree.

Maxwell Leo Howell is in Sydney, Australië gebore waar hy in 1944 gematrikuleer het. Meer as honderd-en-vyftig publikasies het reeds van hom verskyn.

DR. N. HURTER, PH. D. (LANDBOU)

Dr. Noel Hurter, plantteler, verbonde aan die Bien Donne Proefplaas van die Navorsingsinstituut vir Vrugte en Voedseltegnologie van die Departement

Landbou-tegniese Dienste, het die graad Ph.D. (Landbou) verwerf op die proefskrif: „Cytogenetic Studies on the Marianna Plum Rootstock." Sy verhandeling spruit uit 'n breë studie wat daarop gemik is om verbeterde pruimonderstokke aan die sagtevrugtebedryf beskikbaar te stel. Die promotor is prof. R. de V. Pienaar.

Mnr. Hurter is in 1922 te Caledon gebore en het in 1942 aan die Hoërskool Caledon gematrikuleer.

DR. H. R. KUSSLER, D. LITT. (DUITS)

Dr. H. R. Kussler, lektor in Duits aan die Universiteit Stellenbosch, het die graad D.Litt. verwerf op die proefskrif: „Das Abschiedsmotiv in der deutschen Lyrik des. 20 Jahrhunderts". Die proefskrif handel oor die Duitse afskeidsgedig sedert Nietzsche. Deur aard en oorsaak van die verskille te ontleed wat tussen hierdie tipe gedig in die moderne en in die tradisionele poësie bestaan, probeer die studie bydra tot die begrip van die modérne Duitse liriek oor die algemeen. Die promotor is prof. G. P. J. Trümpelmann.

Dr. Kussler is op 3 November 1943 in Duitsland gebore, is getroud en die egpaar het een dogter.

DR. P. J. NIEMANN, D. SC. (LANDBOU)

Dr. P. J. Niemann, hoofnavorser in grootveekunde van die O.V.S.-streek en hoof van die seksie grootveekundenavorsing van die Landbounavorsingsinstituut te Glen het die graad D.Sc. (Landbou) verwerf op die proefskrif: „The prediction of the nutritive value of forages by means of an *in vitro* enzyme digestion technique." Gedurende die studie het hy 'n metode ontwikkel om in die laboratorium die voedingswaarde van 'n aansienlike aantal ruvoere vir beeste en skape binne 'n tydsbestek van 'n dag, noukeurig te voorspel. As promotor het prof. I. S. Perold opgetree.

Dr. Niemann is op 26 Augustus 1924 op Dewetsdorp, O.V.S., gebore. Hy is met 'n oud-Matie, Elise du Toit, getroud. Die egpaar het 'n dogter en 'n seun.

DS. E. A. C. PRETORIUS, D. TH.

Dr. E. A. C. Pretorius, tans leraar van die N.G. Kerk Port Elizabeth-Sentraal, het die D.Th.-graad verwerf op 'n proefskrif getitel: „Die resente Joodse beoordeling van die leer van Paulus." Dit is die eerste doktorsgraad in die Nuwe Testament wat aan die Universiteit van Stellenbosch behaal word. Die promotor is prof. Jac. J. Müller, hoogleraar in Nieu-Testamentiese vakke aan U.S.

Ds. Pretorius is op 17 Oktober 1934 in Bloemfontein gebore en het in 1951 gematrikuleer te Viljoenskroon.

DR. E. A. SCHOEMAN, PH. D. (LANDBOU)

Dr. Emanuel Andreas Schoeman het die graad Ph.D. in Landbou verwerf op die proefskrif: The Utilization of proteins for wool growth and their effect on some physical and chemical properties." Die proefskrif handel oor die invloed van proteïenbronne op wolgroei. Die resultate van sy studie kan nog verreikende gevolge hê in dierevoeding in Suid-Afrika ten opsigte van wol-, vleis- en melkproduksie. Die promotor vir die proefskrif is prof. P. J. de Wet.

Dr. Schoeman is op 3 Augustus 1942 te Cradock gebore en het sy hoërskoolopleiding aan die Grey-kollege, Bloemfontein, ontvang.

DR. J. G. STEYTLER, M. D.

Dr. Johann Georg Steytler het die graad M.D. verwerf op die proefskrif: „Mycoplasma in Human Umbilical Cord Blood: Its Isolation, Identification and Characterization with reference to Congenital Mycoplasma Infections." Uit 'n totaal van 4,625 gevalle is 256 mikoplasmastamme geïsoleer. Opvolg van hierdie gevalle bring aan die lig belangrike bevindinge aangaande die potensiële patogeniteit by die pasgeborene. Die promotor vir die proefskrif is prof. H. H. D. Brede.

Dr. Steytler is te Mkhoma, Malawi op 27 Maart 1928 gebore. In 1962 verwerf hy die graad M.Med. (Path.) aan U.S., en die volgende jaar aanvaar hy die betrekking van voltydse Spesialis in die Departement Geneeskundige Mikrobiologie.

In 1960 is hy getroud met Laetitia van der Merwe. Die egpaar het drie kinders.

DR. M. J. TOERIEN, D. SC. (SOÖLOGIE)

Dr. Mattheus Jan Toerien, Senior lektor in Anatomie aan die Universiteit van Stellenbosch, het die graad D.Sc. in Soölogie verwerf op die proefskrif: „The developmental morphology of the chondrocranium of *Podiceps cristatus*." Die proefskrif handel oor die embrionale ontwikkeling van die kraakbenige gedeelte van die skedel. Die promotor is dr. D. van Z. Engelbrecht.

Dr. Toerien is op 3 November 1925 op Nieuwoudt-

ville gebore. In 1952 verwerf hy die Ph.D.-graad aan die Universiteit van die Witwatersrand op 'n proefskrif oor die ontwikkeling van die verhemelte van dieragtige reptiele.

Dr. Toerien het reeds 'n groot aantal wetenskaplike publikasies van anatomiese, paleontologiese, antropologiese en eksperimenteelembriologiese aard die lig laat sien.

DR. H. C. VAN RENSBURG, D. SC. (FISIKA)

Dr. Helgard Cronjé van Rensburg het die graad D.Sc. (Fisika) verwerf op die proefskrif: „Edelmetaalontledings deur middel van Atoomabsorpsie met hoë-intensiteit holkatodelampe, selektiewe modulasie en 'n ultrasoniese verstuiwer." Hy het baanbrekerswerk verrig deur die eerste persoon in die Republiek te wees wat 'n ultrasoniese verstuiwer met sukses daargestel het vir akkurate bepalings van edelmetale met die atoomabsorpsietegniek. Prof. P. B. Zeeman is die promotor. Sy navorsing wek groot belangstelling by die edelmetaal-mynbedryf.

Mnr. Van Rensburg is op 9 Februarie 1943 op Mosselbaai gebore.

Stipendia en Medaljes toegeken

I. STIPENDIA

1. *Donald Currie-Gedenkstipendium* (R1,200 p.j. vir 2 jaar) aan mnr. D. J. Louw, M.A. (Filosofie), Cum Laude, Maart 1968.
2. *Koningin Victoria-Stipendium* (R1,200 p.j. vir 2 jaar) aan mnr. R. J. van Reenen, M.Sc. (Fisika) Cum Laude, Desember 1968.
3. *Konservatorium-Stipendium* (R350 p.j. vir 1 jaar) aan mnr. J. J. A. Pieterse.

II. MEDALJES

Die volgende goue medaljes is toegeken:

1. *S.A.O.U.-Medalje* vir die beste finalejaarstudent wat 'n primêre onderwysersdiplomakursus volg, aan mnr. J. H. A. du Plessis, D.O.S.K., – Cum Laude.
2. *S.A.O.U.-Medalje* vir die beste student wat 'n sekondêre onderwysersdiplomakursus volg, aan mej. C. J. de Kock, S.O.D., Cum Laude.
3. Die *Professor P. A. van der Bijl-Gedenkpenning* en die *Professor A. I. Perold-Gedenkpenning* vir die twee beste finalejaarstudente in Landbou, aan mnr. C. A. de Jager, B.Sc. in Landbou, Cum Laude en mnr. R. C. Bester, B.Sc. in Landbou, Cum Laude.
4. *Die Professor M. W. Black-Gedenkpenning* vir die beste finalejaarstudent in Landbou met hoofrigting Pomologie, aan mnr. D. F. Marais, B.Sc. in Landbou.
5. *Die Sir William Schlich-Gedenkpenning* vir die beste finalejaarstudent in Bosbou, aan mnr. A. J. Morris, B.Sc. in Bosbou.
6. *S.A.O.U.-Medalje* vir die beste finalejaar B.Ed.-student, aan mev. J. P. Botha (geb. Combrinck), B.Ed., Cum Laude.
7. *Die Goue Medalje van die Fakulteit van Geneeskunde* vir die beste finalejaar M.B., Ch.B.-student, aan mej. M. M. van der Vijver, M.B., Ch.B., Cum Laude.
8. *Die Kanseliersmedalje:* Hierdie medalje, wat deur die Kanselier, Sy Edele dr. B. J. Vorster, geskenk is, word toegeken aan die mees uitstaande finalejaarstudent aan die Universiteit, en is toegeken aan mnr. W. T. Claassen, M.A. in Semitiese Tale, Cum Laude.
   (Hy het 'n gemiddelde van 91.1% oor 5 jaar van studie behaal. Dit is die hoogste gemiddelde vir die Kanseliersmedalje sedert 1963.)

Prof. H. B. Thom tree uit as Rektor

(Die motivering is deur die Vise-kanselier, dr. J. S. Gericke, voorgedra.)

Motivering vir die Toekenning van die Graad D.Ed., Honoris Causa, aan Prof. Dr. H. B. Thom

Hendrik Bernardus Thom is op 13 Desember 1905 in die gemeente Jamestown gebore. Sy skoolopleiding het hy op Burgersdorp ontvang waarna hy vir verdere studie na Stellenbosch gekom het. Na behaling van die M.A.-graad in geskiedenis, is hy oorsee om verder te studeer in Berlyn, Parys en Amsterdam.

By sy terugkeer uit die buiteland is hy as lektor in Geskiedenis aangestel en sedertdien, vir die afgelope 39 jaar, was hy onafgebroke in die diens van sy Alma Mater. In 1936 volg hy wyle prof. Blommaert as hoogleraar op, in 1954 neem hy as Rektor waar, en toe prof. Wilcocks aan die einde van 1954 sy amp neerlê, word prof. Thom as Rektor aangestel.

Die afgelope 16 jaar was een van die voorspoedigste tydperke wat die Universiteit in sy lang geskiedenis belewe het. Die studentetal het van 2,355 tot meer as 7,000 toegeneem sodat elf nuwe koshuise en 'n groot aantal akademiese geboue opgerig moes word. Daarbenewens is verskeie nuwe fakulteite en departemente in die lewe geroep o.m. die fakulteite van Geneeskunde en Krygskunde en die departemente van Beeldende Kunste, Drama, Biblioteekkunde, Afrika-studie, Skaapteelt en Wolkunde, Landbou-ingenieurswese, Hospitaaldieetkunde, Verpleegkunde, Arbeidsterapie, Fisioterapie, Afrikaanse Kultuur- en Volkskunde, Bybelkunde, Streekbeplanning, Openbare Administrasie en Staatsleer, Vervoerekonomie, ensomeer.

Owerigens het in Bellville die Buitemuurse Afdeling van die Fakulteit van Handel en Administrasie tot stand gekom, het die Fakulteit van Tandheelkunde 'n voldonge feit geword en het die Universiteit met die inlywing van die Kweekskool 'n volwaardige Fakulteit van Teologie bekom.

Wanneer 'n onderwysinrigting binne so 'n kort tyd so 'n fenomenale groeiproses belewe, dan is dit 'n absolute vereiste dat idealisme en realisme, waagmoed en versigtigheid in die regte verhouding met mekaar sal staan. Die Universiteit was baie gelukkig dat hy die afgelope 16 jaar as Rektor 'n man gehad het wat op 'n voortreflike wyse aan hierdie eise voldoen het.

Sy ewewigtige leiding het verhoed dat die vinnige tempo van ontwikkeling, finansieel en andersins, hand uitruk.

Maar dit het werk gekos waarteen selfs 'n sterk konstitusie nie altyd bestand was nie. Bowendien het dit buitengewone gawes van verstand, deursettingsvermoë en takt geverg. Die Geskiedenisdosent, navorser en skrywer van weleer het in sy amp as Rektor nie net die Universiteit nie, maar ook die hele land oortuig dat hy as een van die begaafste administrateurs van ons tyd beskou moet word.

Daarom is daar dan ook ten oorvloede van dr. Thom se dienste op die breë terrein van die volkslewe in verskillende rade, regeringskommissies en kultuurorganisasies gebruik gemaak. Die uitmuntende dienste wat hy in dié verband gelewer het en die hoë waardering wat dit allerweë geniet het, het ook op 'n baie direkte wyse luister en bekendheid aan ons Universiteit verleen, selfs in die buiteland, waar hy meermale op uitnodiging moes optree.

Vanweë dr. Thom se inisiatief en optrede het daar die afgelope dekade miljoene rand deur skenkings en erflatings aan die Universiteit toegekom. Hy het hom in die besonder beywer vir die Eeufeesfonds wat tans die R5 miljoen-kerf nader. Die Universiteit sal tot in lengte van dae die vrugte kan pluk van hierdie boom wat hy help plant en grootmaak het.

Die voorsitterskap van een van die allerbelangrikste regeringskommissies is onlangs aan dr. Thom toevertrou. Die Nasionale Onderwysraad is gelukkig om oor sy leierskap, kennis en ervaring te beskik. Moontlik sal die laaste hoofstuk van sy loopbaan in en rondom hierdie onderwysliggaam geskrywe word en gaan hy hier

nog een van sy grootste bydraes vir land en volk lewer.

Die Raad en die Senaat van die Universiteit van Stellenbosch het selde met so 'n vanselfsprekendheid te doen gehad as toe daar besluit moes word oor die toekenning van 'n eregraad aan hierdie groot Rektor, Kultuurleier, Wetenskaplike en Volksman.

Meneer die Kanselier dit is daarom dat ek u met groot vrymoedigheid kan versoek om die graad Doktor in die Opvoedkunde, honoris causa, aan Hendrik Bernardus Thom toe te ken.

'n Groot Vriend van U.S.: Dr. M. S. Louw

Dr. M. S. Louw het by geleentheid van die toekenning van die eregraad D. Ed. aan prof. H. B. Thom, 'n bedrag van R100,000 aan U.S. geskenk as blyk van sy waardering vir die werk van prof. Thom as rektor.

Dr. M. S. Louw

PROF. THOM ONTVANG D. ED. (H. C.)

Die Kanselier van U.S., dr. B. J. Vorster, wens prof. H. B. Thom, uittredende Rektor, van harte geluk met die eredoktorsgraad wat aan hom toegeken is. Dr. J. S. Gericke, Vise-Kanselier van U.S., kyk glimlaggend toe.



Prof. H. B. Thom – Eredoktor in Opvoedkunde

Tydens die noenmaal in Minerva, na afloop van die gradeplegtigheid op 12 Desember 1969, sê prof. J. N. de Villiers, die aangewese Rektor :

„Prof. Thom het sy lewe aan hierdie universiteit gewy. Hy was gewapen met vele talente wat hy ten bate van U.S. en S.A. gebruik het."

„Daar is verskeie redes vir sy sukses, soos sy presiesheid, deursettingsvermoë, rake siening en kragdadige leiding. Hy het as erfenis op Stellenbosch nagelaat 'n Afrikaanse volksuniversiteit wat in 'n stadium van bloei in feitlik alle rigtinge is."

DIE OPVOLGER

Prof. Thom het geantwoord dat dit vir hom 'n buitengewone dag is en dank uitgespreek teenoor al die betrokke instansies.

Teenoor prof. De Villiers het hy gesê : „Daar sal hoë eise aan u as die nuwe Rektor gestel word, maar ons almal het vertroue in u. U kry 'n span van dosente en administratiewe personeel op wie u kan reken en wat so goed is soos 'n mens nie maklik in S.A. kan saamstel nie."

„Professor H. B. Thom" 'n Treffer

Die Departement van Ontwikkeling het aan die Raad van U.S. 'n bondige verslag voorgelê insake die ontvangs van die boek *Professor H. B. Thom*. So baie persone het briewe en telegramme van waardering gestuur dat dit reeds 'n dik bundel vorm – moontlik reeds een van die waardevolste besittings van die Universiteit omdat elke brief uit die hart spreek.

Hoe dit die hart van die oud-Matie raak, blyk duidelik uit die brief van mnr. S. T. Venter van Welkom : „Ek het besluit om, nadat ek dit goed gelees het, my uitgawe aan die leenbiblioteek van Welkom beskikbaar te stel sodat ons algemene lesers, talle van hulle ouers van voornemende studente, meer van die Universiteit van Stellenbosch, en een van sy groot seuns, en een van ons volksmanne te wete kan kom."

Die oplaag van hierdie boek was minstens drie

PROF. THOM EN DIE REDAKSIE VAN DIE BOEK „PROFESSOR H. B. THOM" (1969)

V.l.n.r.: Mnr. J. J. Oosthuysen (Sekretaris), prof. Bun Booyens (Ondervoorsitter), prof. H. B. Thom, prof. D. J. Kotzé (Voorsitter), prof. G. P. J. Trümpelmann en mnr. P. J. Lombard.

maal so groot as die gewone vir hierdie genre. Talle navrae is al ontvang van persone of instansies wat die boek wil aankoop.

Afskeid deur die Universiteitskoor

Aan die einde van November verlede jaar het die Universiteitskoor onder leiding van mnr. Philip McLachlan 'n hoogstaande program – soos hulle gewoond is om te lewer – in die stadsaal as afskeid aan prof. en mev. Thom aangebied.

Die uitstaande gehalte van hierdie koor se uitvoerings maak elke optrede 'n besondere belewenis. Die lied sonder woorde vir vrouestemme deur Zoltan Kodaly was eteries fyn in klankskoonheid. *Johannes die Apostel,* 'n koorwerk wat Rosa Nepgen op 'n sonnet van W. E. G. Louw geskryf het en aan prof. Thom opgedra het, is stemmingsvol uitgevoer.

Afskeid aan die Rektorspaar

TONEEL OP 5 DESEMBER 1969

Sonsambrele, gesellige tafeltjies, groen grasperke, honderde gaste op die Jan Marais-plein.

DIE KANSELIER (DR. B. J. VORSTER)

„Prof. Thom is 'n man van uitsonderlike gawes, sy leiding was wonderlik, dit het Stellenbosch ten goede gekom en dit strek u tot eer. U verpersoonlik die beste wat ons land kan oplewer."

DIE VISE-KANSELIER (DR. J. S. GERICKE)

„In die gedagtes van die meeste mense het die name van prof. Thom en die Universiteit van Stellenbosch sinoniem geword. Deur sy eie lewenspatroon was hy die draer en die voorbeeld van dié waardes wat vir U.S. so 'n besondere plek in die hart van ons volk gegee het. Maar agter die man is 'n vrou – die Universiteit bring hulde aan mev. Ria Thom vir haar bydrae wat nie gemeet kan word nie."

DIE VOORSITTER VAN DIE REËLINGSKOMITEE (PROF. A. B. DE VILLIERS)

Namens die akademiese en administratiewe personele van U.S. het hy 'n tjek aan prof. Thom oorhandig om 'n antieke meubelstuk vir „Die Kruin" te koop. „Dit word gegee in die gesindheid van toegeneentheid en dankbare erkentlikheid."

DIE DAMES (MEV. A. B. DE VILLIERS)

Namens die personele van U.S. het sy 'n silwer koffie- en teestel aan mev. Thom aangebied. „Ek oorhandig dit met die liefdegroete van die Universiteit."

DIE REKTORSVROU (MEV. RIA THOM)

„Baie, daie dankie! Dit kom uit 'n vol hart . . . en dit kom opreg. Dit sal vir my 'n deeltjie van u en van die Universiteit wees. Hierdie dag wat eintlik 'n dag van weemoed is, het 'n gelukkige dag met baie vreugde en dankbaarheid geword."

DIE VOORSITTER VAN DIE REDAKSIEKOMITEE (PROF. D. J. KOTZÉ)

By die oorhandiging van die spesiale publikasie *Professor H. B. Thom* aan prof. Thom: „Met apologie aan dr. Gericke en wyle mnr. Winston Churchill wil ek sê dat binne my ervaringsveld nog nooit soveel mense met soveel bereidwilligheid so hartlik saamgewerk het om so 'n publikasie in so 'n korte tyd saam te stel nie."

DIE UITTREDENDE REKTOR (PROF. H. B. THOM)

„'n Dag soos hierdie is in 'n hoë mate 'n dag van weemoed; daar is hartseer by om heeltemal 'n band te verbreek waaraan jy so lank gewoond was. Wat was, was en wat voorlê, kom. Wat ons gedoen het, word nou vir ons herinneringe."

Met innigheid het hy teenoor almal sy dank betuig – van die Raad van U.S. tot elke gas teenwoordig en voortgegaan:

„Dit is in die eerste instansie in die voorlesingkamers en in die navorsingslaboratoria waar die Universiteit gebou moet word. My vurige begeerte is dat die Universiteit van Stellenbosch sal voortgaan op die weg waarop hy nou reeds honderd jaar lank as inrigting vir hoër onderwys wandel; dat Stellenbosch sal voortgaan om die hele mens op te voed en aandag sal gee aan die verstandelike ontwikkeling van ons studente sodat hulle in staat sal wees om moeilike probleme tot die grond toe te deurvors en deur te dring tot die waarheid; dat gebou sal word aan die karakters van jongmense sodat hulle betroubaar sal wees en sal kan onderskei tussen die goeie en die kwaaie: dat nog meer voorsien word vir die ontwikkeling van die liggaam en die gesonde sportbeoefening waarvoor Stellenbosch so beroemd geword het."

Die Gesellige Afskeid op die Jan Marais-plein

Oom Paul – dr. P. O. Sauer, die mees senior raadslid van U.S.

Mev. Ria Thom: Baie, baie dankie!

Groot sake!
Sy Ed. B. J. Vorster, Kanselier van U.S., en Sy Ed. J. F. W. Haak, raadslid van U.S., (regs).

Die hande gesels saam – moontlik oor die twee studentemaats se tyd in Berlyn. Prof. Jac. J. Müller (links) en prof. Thom.

Die W.A.T. neem Afskeid

Op 9 Desember 1969 het die W.A.T. van prof. H. B. Thom, Administrateur van die W.A.T., en mev. Thom afskeid geneem.

V.l.n.r.: Mnr. L. J. Schoonees (oud-redaksielid), mnr. T. G. D. van Schalkwyk (boekhouer), dr. P. C. Schoonees (oud-hoofredakteur), prof. H. B. Thom (administrateur) en dr. F. J. Snijman (hoofredakteur).

Ou vriende se afskeidsgroet
V.l.n.r.: Mev. A. B. de Villiers (wat die geskenk aan mev. Thom oorhandig het), dr. J. S. Gericke (Vise-kanselier), mev. J. N. de Villiers, prof. J. N. de Villiers (die aangewese Rektor), mev. J. S. Gericke en prof. A. B. de Villiers (Voorsitter van die Reëlingskomitee vir die geselligheid).

Die Legitimasie-Seremonie van die Fakulteit van Teologie

Die 57 proponente wat vanjaar gelegitimeer is, het vooraf 'n drukke tyd beleef. Hulle moes onder meer voor die proponentseksamenkommissie in die Moederkerk proefpreke lewer. *Op die foto is die oudste student in die klas, die 50-jarige mnr. J. J. Stadler, op die kansel.*



Foto onder:
Mnr. Hendrik Verwoerd, seun van wyle dr. H. F. Verwoerd, is ook vanjaar gelegitimeer. Op die foto staan hy by sy moeder en sy eggenote.

Dr. J. D. Vorster, actuarius van die Kaaplandse N.G. Kerk, wens prof. J. C. G. Kotzé sterkte toe vir die toekoms ná prof. Kotzé sy demissie op 28 November 1969 ontvang het.

Opening van Universiteit

U dra die Fakkel van Vooruitgang

DR. G. S. J. KUSCHKE

(Besturende Direkteur van die Nywerheid-Ontwikkelingskorporasie van S.A.)

Dr. Kuschke, wie se seun self op Stellenbosch die derde geslag van Kuschkes as Maties verteenwoordig, is bowendien ook lid van die Raad van die Universiteit van Stellenbosch. Hy het spesiaal na Stellenbosch gekom om die openingsrede op 25 Februarie te lewer. In sy helder stem, het hy 'n klinkklare, op feite gegronde, besielende rede gelewer. Enkele van sy hoofgedagtes word hier gegee.

Suid-Afrika, kan hom gelukkig ag dat daar elke jaar so 'n groot getal universiteitsopgeleides beskikbaar word, want S.A. bied veelvuldige uitdagende geleenthede tot skeppende prestasie ten behoewe van ons eie land.

Onder sy talle voorbeelde van nasionale groei, wys hy daarop dat die byna 8,000 studente wat net Stellenbosch vandag het, op ongeveer 2,000 na, netsoveel is as die totale S.A. studentetal van 10,765 in 1940. Dit word bereken dat die oorspronklike jaarlikse produksie van gietstaalblokke van Yskor in 1928 in die jaar 2000 elke drie dae gelewer sal word teen 'n produksie van 19 miljoen ton per jaar. Die posisie van die R.S.A. in Afrika is uniek. S.A. produseer drie maal meer staal as die res van Afrika tesaam; dit lewer 54% van Afrika se elektrisiteit en 80% van die steenkool. Die S.A. Spoorweë vervoer 60% van Afrika se spoorvrag.

Die gemelde wonderlike dinge is tasbare skeppings van toegewyde manne met moed. In hulle prestasie lê ons inspirasie. Die ± 40 miljoen mense wat in die jaar 2000 ons land sal bewoon, sal geweldige werkgeleenthede skep en die gemiddelde inkomste per kop behoort ongeveer R1,500 te wees.

Dr. Kuschke het die woorde van genl. Charles de Gaulle aangehaal: „Die wêreld ondergaan tans 'n transformasie waarmee geen verandering wat tot dusver plaasgevind het in omvang of tempo kan vergelyk nie." Dit is verstaanbaar, want meer as die helfte van alle natuurwetenskaplikes wat in die mensebestaan opgelewer is, lewe vandag!

Die toekoms vereis 'n nuwe vennootskap – dié tussen ouderdom en jeug, met wedersydse aanpassings. „Die oogmerk wat u vir uself stel, sal nie almal verwesenlik word nie", het hy gesê. „Dit vereis moed om aan te hou, al is die produk van ons skepping minder volmaak as ons ideaal."

Met sy oë op die toekoms gerig, sê dr. Kuschke: „Die land en volk van S.A. het u, en meer soos u, nodig . . . S.A. moet op ons kontinent dieselfde leidende rol speel as wat die V.S.A. in die wêreld van vandag moet vervul.

Met elke nuwe geslag word die fakkel van vooruitgang aan daardie geslag oorhandig. „U ontvang vandag daardie fakkel . . . My wens en geloof is dat u hom sterk brandende sal hou."

Dr. G. S. J. Kuschke spreek tot die studente

Aanstellings en Bevorderings

Die Raad van die Universiteit het die volgende aanstellings en bevorderings goedgekeur:

PROFESSOR IN NATUURBEWARING

Dr. R. C. Bigalke, hoofnavorsingsbeampte van die Natalse Parkeraad, is met ingang 1 Januarie 1970 aangestel as professor in Natuurbewaring aan U.S. Hy is die eerste persoon in die Republiek wat 'n professoraat in Natuurbewaring aan 'n Suid-Afrikaanse Universiteit beklee. Hierdie kursus is reeds twee jaar gelede aan U.S. ingestel.

Dr. Bigalke is in 1937 op Kimberley gebore. Hy het die grade B.Sc. en Hons.-B.Sc. aan die Universiteit van Rhodes verwerf en daarna die graad D.Phil. Nat. in Dierekunde aan die Goethe Universiteit, Frankfurt, Duitsland.

Dr. Bigalke is ook in die buiteland 'n welbekende natuurkundige. Hy het sy loopbaan as navorsingsbeampte in die Etosha-natuurreservaat in S.W.A. begin. Daarna was hy vir 6 jaar direkteur van die McGregor-museum in Kimberley.

Dr. Bigalke is getroud en die egpaar het twee kinders.

PROFESSOR IN TEOLOGIE

Dr. D. W. de Villiers, voorheen senior lektor in Diakonologiese vakke aan die Universiteit van Stellenbosch, is aangestel as professor in die Fakulteit van Teologie.

Dr. De Villiers is 'n oud-student van U.S. en het die graad B.A., B.D. en D.D. (1959) op Stellenbosch behaal. In 1955 het hy ook die graad Th. Dr. aan die Vrije Universiteit van Amsterdam behaal. Hy was van



1944 tot 1966 in verskeie gemeentes van die N.G. Kerk as predikant werksaam. Sedert Julie 1966 is hy verbonde aan die Kweekskool. Hy is getroud en die egpaar het drie seuns.

HOOGLERAAR IN REKENAARWETENSKAP

Dr. G. L. Murray, wat verbonde is aan 'n dataverwerkingsonderneming in Randburg, is aangestel as hoogleraar in Rekenaarwetenskap. Dr. Murray sal die eerste persoon wees om die leerstoel in Rekenaarswetenskap te beklee.

Hy het in 1962 die graad B.Sc. (met onderskeiding) en in 1964 die graad Hons.-B.Sc. aan U.S. verwerf. In 1968 het hy die graad D.Phil aan Oxford verwerf. Hy was vanaf 1968 in diens van die Raad op Atoomkrag en daarna van die firma Control Data Corporation. Hy het reeds verskeie publikasies die lig laat sien.

PROFESSOR IN GINEKOLOGIE EN VERLOSKUNDE

Dr. W. A. van Niekerk, eerste spesialis in Verloskunde aan die Universiteit van Pretoria, is aangestel as professor in Ginekologie en Verloskunde aan die U.S. in die plek van prof. J. N. de Villiers, die nuwe rektor van die Universiteit.

Dr. Van Niekerk het in 1959 aan die Universiteit van Pretoria die grade M.B., Ch.B. behaal. In 1965 het hy in Londen die M.R.C.O.G. verwerf en in Oktober 1969 die lidmaatskap van die Suid-Afrikaanse Kollege vir Obstetrie en Ginekologie.

Dr. Van Niekerk het in 1961/62 ses maande lank aan die Roswell Park Memorial Hospitaal veral in Sitologie en Ginekologiese Endokrinologie navorsing gedoen. Hy het reeds in die V.S.A., Brittanje en Nederland op uitnodigings voorlesings gelewer. In 1965 het hy op 'n internasionale mediese kongres in Frankryk en in 1968 in Rio de Janeiro referate gelewer.

PROFESSOR IN OMVATTENDE GENEESKUNDE

Dr. C. L. Wicht, spesialis internis van Kaapstad en deeltydse internis, verbonde aan die Karl Bremer-hospitaal, is aangestel as professor in Omvattende Geneeskunde aan die Universiteit van Stellenbosch. Hy is die eerste persoon wat die nuwe professoraat beklee.

Dr. Wicht het aan die Universiteit van Pretoria as geneesheer gekwalifiseer. In 1956 het hy in Nederland onder prof. A. Querido gestudeer en in 1958 die M.D.-graad aan U.P. behaal. Dr. Wicht was vanaf 1957 tot 1962 in verskeie hoedanighede voltyds aan die Karl Bremer-hospitaal verbonde. In 1967 het hy 'n Geriatriese Kliniek by die hospitaal begin, waar noukeurige aandag aan die siekteprobleme van bejaardes geskenk word.

Dr. Wicht het verskeie publikasies die lig laat sien. Hy is lid van die S.A. Akademie, verbonde aan die Veldambulans-eenheid van die Aktiewe Burgermag en lid van die Ongeskiktheidsappèlraad van die S.A. Weermag.

Dr. Wicht is getroud en die egpaar het drie kinders.

ERE-PROFESSOR IN STREEKBEPLANNING

Dr. P. S. Rautenbach, beplanningsraadgewer van die Eerste Minister, is deur die Universiteitsraad benoem tot ereprofessor in Streekbeplanning.

Benewens die pos wat hy beklee as Voorsitter van die Beplanningsadviesraad van die Eerste Minister, is dr. Rautenbach ook Voorsitter van die Permanente Komitee vir Nywerheidsvestiging. Sedert die instelling van die Departement van Beplanning was dr. Rautenbach die leidende figuur in die organisasie in soverre dit die beplanningsfunksie betref. Hy was voorheen ook Voorsitter van die Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne.

WAARNEMENDE HOOF: BURO VIR EKONOMIESE ONDERSOEK

Mnr. A. J. M. de Vries, senior navorsingsbeampte van die Buro vir Ekonomiese Ondersoek van U.S., is deur die Raad van U.S. benoem as waarnemende hoof van die Buro met ingang 1 April 1970. Hy volg mnr. P. E. Kotzé op wat 'n betrekking as hoofekonoom by die Nywerheidsontwikkelingskorporasie aanvaar het.

Mnr. De Vries het aan U.S. in 1968 die M.Comm.-graad (cum laude) verwerf. Hy is reeds sedert 1964 verbonde aan die Buro. Verskeie publikasies deur hom het reeds die lig gesien.

Dr. B. A. Müller, voorheen leraar van die N.G. Gemeente Stellenbosch-Sentraal, is aangestel as senior lektor in Diakonologiese vakke aan die Kweekskool.

Dr. F. van Z. Slabbert, senior lektor in Sosiologie aan die Universiteit Rhodes, is aangestel as senior lektor in Sosiologie.

Dr. C. L. Wicht



Mnr. A. J. M. de Vries



Dr. G. G. Williams, is aangestel as spesialis in die Departement Fisiologie.

Dr. C. W. van Wyk, senior lektor aan die Universiteit van Witwatersrand, is aangestel as senior lektor in Mondpatologie in die Fakulteit van Tandheelkunde.

Dr. O. T. de Villiers, voorheen van die Universiteit van Pretoria, is aangestel as senior lektor in Landboubiochemie.

Dr. Annette Muller, senior lektrise in Maatskaplike Werk, is aangestel as senior lektrise in Geneeskundige Maatskaplike Werk.

Mnr. P. J. Conradie, senior lektor in Landbou-ingenieurswese, is aangestel as senior lektor in Verkoelingsingenieurswese.

Mnr. P. C. du V. Olivier as senior lektor in Wiskundige Statistiek.

Mnr. W. D. van der Walt as senior lektor in Rekeningkunde.

Mnr. P. E. Claassen as senior lektor in Siviele Ingenieurswese.

Mnr. J. A. Brink as lektor in Fisika.

Mnr. J. E. Watts as lektor in Botanie.

Mnr. W. F. Sukkels as lektor in Soölogie.

Mej. H. du Plessis as lektrise in Skoolmusiek.

Mnr. A. van Rooyen as junior lektor in Openbare Administrasie.

Mnr. T. F. L. Kok as junior lektor in Bantoereg en administrasie

Mnr. P. W. Grobbelaar as junior lektor in Afrikaanse Kultuur- en Volkskunde.

Mej. J. C. le Roux as junior lektrise in Drama.

Mnre. J. S. Malherbe en
R. N. Laurie as junior lektore in Chemie.

Mnr. J. N. Smit as junior lektor in Sielkunde.

Mnr. W. S. Gerber as sisteem-programmeerder in die Departement Rekenaarwetenskap.

Mnr. W. F. Kilian as navorsingsbeampte in die Buro vir Ekonomiese Ondersoek.

Mnr. J. B. B. Heyns, is aangestel as lektor in Chemie.

Mnr. A. P. T. du Toit, junior lektor in Wiskundige Statistiek, is bevorder tot lektor.

Mnre. G. J. N. Strümpher,
J. A. de Clerk en
H. F. Muller, is aangestel as administratiewe beamptes in die Universiteitskantoor in Bellville.

Mev. A. F. Viviers, is aangestel as Kliniek-onderwyseres in die Fakulteit van Opvoedkunde.

Mnr. Mike Procter, is aangestel as krieketafrigter van die Universiteit in die plek van mnr. *Eddie Barlow* wat die betrekking neergelê het.

Mnr. J. C. Loock, voorheen verbonde aan die Universiteitskollege Wes-Kaapland, is aangestel as lektor in Geologie.

Mnr. Jochen Berger is met ingang 1 Januarie permanent aangestel as lektor in Beeldende Kunste.

Mnr. J. Strauss is aangestel as administratiewe beampte in die finansiële afdeling van die Universiteitskantoor.

Bevorderings

Mnr. J. E. Potgieter, hoof-administratiewe beampte, is bevorder tot assistent-registrateur (akademies). Mnr. Potgieter het die grade M.Sc (Fisika) in 1947 aan die Universiteit van Stellenbosch en die graad M.Comm. (B. en A.) in 1957 aan die Universiteit van Pretoria behaal.

Mnr. Potgieter was o.a. navorsingsbeampte by die Vrugtenavorsingstasie op Stellenbosch en daarna in dieselfde hoedanigheid aan die W.N.N.R., Pretoria. Vervolgens is hy as dosent na die Leërakademie in Pretoria en met die stigting van die Militêre Akademie, is hy na Saldanha as dosent in Fisika. In 1959 is hy na die Port Elizabethse Tegniese Kollege as hoof van die Wetenskapafdeling, totdat hy in 1960 aangestel is as hoofadministratiewe beampte in die Universiteitskantoor op Stellenbosch. Mnr. Potgieter is getroud en die egpaar het drie kinders.



Mnr. J. E. Potgieter

Mnr. J. R. Olivier, eerste administratiewe beampte, is bevorder tot hoofadministratiewe beampte in die akademiese afdeling.

Mnre. F. J. G. Mostert,
H. J. Zietsman en
J. T. R. Smal, senior administratiewe beamptes, is bevorder tot eerste administratiewe beamptes.

Mnr. J. Malan, administratiewe beampte is bevorder tot senior administratiewe beampte.

Dr. P. G. Jooste is bevorder tot senior lektor in Geografie.

Mej. V. H. Lewis is bevorder tot senior lektrise in Frans.

Mev. L. P. Raubenheimer is bevorder tot lektrise in Sosiologie.

Mnr. D. J. van Walsem is bevorder tot senior navorsingsbeampte van die Buro vir Ekonomiese Ondersoek.

Dr. W. J. Engelbrecht, is bevorder tot senior lektor.

Mnr. S. S. Roos is bevorder tot lektor in Sielkunde.

Mnr. L. A. Wentzel is bevorder tot lektor in Musiek.

Mnr. M. C. Potgieter, tegniese beampte in Maatskaplike Werk, is bevorder tot lektor in Maatskaplike Werk.

Mnr. W. S. Pretorius is bevorder tot lektor in Ekonomie.

Mnr. K. P. Smith van die Voorrade-afdeling is bevorder tot administratiewe beampte.

Die Messias van Händel in Afrikaans

Hierdie alombekende musiekwerk is deur prof. W. E. G. Louw en sy eggenote (Rosa Nepgen) in Afrikaans vertaal en deur die Musiekkommissie van die F.A.K. uitgegee. Hierdie twee Stellenbossers het hierdeur 'n waardevolle bydrae gelewer tot die Afrikaanse musiekskat. Mag hulle die vreugde van 'n ruime getal uitvoerings van *Die Messias* in Afrikaans geniet. Die werk is teen R3.75 van die F.A.K., Posbus 8711, Johannesburg, verkrygbaar.

Skenkings en Beurse

Die Ou Mutual dra by tot Geneeskundige Navorsing

Op die meegaande foto oorhandig brig. G. C. G. Werdmüller die eerste paaiement van R5,000 van 'n totale skenking van R25,000 deur Die Ou Mutual aan die Fonds vir Geneeskundige Navorsing van die U.S.

V.l.n.r.: Mnr. J. G. van der Horst (Hoofbestuurder van Die Ou Mutual), prof. F. D. du Toit van Zijl (Dekaan van die Fakulteit van Geneeskunde), brig. G. C. G. Werdmüller (Voorsitter van Die Ou Mutual), prof. H. B. Thom (Rektor van U.S. tot 1969) en sen. dr. P. O. Sauer (direkteur van Die Ou Mutual en lid van die Raad van U.S.).

Eeufeesfondsdinee op Postmasburg

Prof. H. B. Thom het op 17 September 1969 tydens die Eeufeesfondsdinee op Postmasburg vir die laaste keer as Rektor by so 'n byeenkoms buite Stellenbosch opgetree. Meer as 200 oud-Maties, ouers en vriende van die Universiteit het hierdie dinee bygewoon.

Foto heel onder:
Op die foto verskyn v.l.n.r.: Kol. R. L. „Jumbo" Harris, mnr. A. J. Esterhuyse, Assistent-Direkteur van Ontwikkeling van die Universiteit, mev. L. Gagiano, voorsitster van die Gasvrouekomitee, mnr. J. J. Loedolff, voorsitter van die Streekveldtogkomitee en prof. H. B. Thom.



Saambou skenk vir opleiding in Tegnologie

Saambou het vanjaar die tweede agtereenvolgende jaar 'n bedrag van R3,000 aan die Universiteit van Stellenbosch geskenk vir die opleiding van tegnologiese studente. Op die foto verskyn mnr. A. C. Visser, Stellenbosch se takbestuurder van Saambou, wat 'n tjek aan die destydse Rektor, prof. H. B. Thom, op 14 November 1969 oorhandig het.

Mnr. A. C. Visser

Skenking deur S.A. Natuurstigting

Die S.A. Natuurstigting het onlangs besluit om R7,500 aan die Universiteit van Stellenbosch te skenk ten behoewe van die Graadkursus in Bosbou met Boskunde – Natuurbewaring as hoofstudierigting. Mnr. J. E. M. Verwey, Direkteur van Die S.A. Natuurstigting, oorhandig op die foto die eerste bydrae van R2,500 aan die Rektor, prof. J. N. de Villiers. (10/2/70).

Die H. F. Verwoerd-Studiefonds

Die volgende laat bydraes word met dank erken:

Saldo oorgebring	R20,160.69
Mev. C. van Tonder, Kerkstraat 150, Worcester	2.00
Mej. H. M. Malan, Innislaan 5a, Bloemfontein	2.00
Mej. M. M. de Waal, Lynnwood, Pretoria ...	5.00
Mnr. D. A. B. Burger, Windsorstraat 7, George	10.00
Mev. A. D. M. Versluis, Posbus 23, Barkly-Wes	85.00
Mnr. A. M. de Villiers, Posbus 727, Pretoria	18.00
Mnr. H. R. van der Poel, Posbus 209, Bellville	10.00
	R20,292.69

Kursusse

Stads- en Streekbeplanning

Fisiese beplanning, en veral stadsbeplanning, is 'n baie ou professie; dit is bekend dat die Grieke dit beoefen het vir die beter benutting van hulle beperkte bodem. Die neiging van die Grieke van die klassieke tydperk om hulle leefwyse en omgewing te rasionaliseer het dus aanleiding gegee tot hulle goedbeplande en argitektonies-aanskoulike dorpe.

Moderne beplanning is nodig, nie soseer vir 'n aanskoulike en gerieflike tuiste nie, maar omdat die lewensmiddele en -ruimte ingehaal is deur die wêreldwye bevolkingsgroei en die voortbestaan van die beskawing saamval met 'n grondige studie van die hulpbronne en beplanning vir hulle optimale benutting.

In Suid-Afrika het daar in die afgelope tien jaar 'n baie sterk vraag na opgeleide beplanners ontstaan, onder andere vanweë die feit dat die meeste van ons dorpe die stadium bereik het waar stedelike hernuwing, d.w.s. die vervanging van ou geboue en ontoereikende padstelsels deur nuwes, noodsaaklik geword het. Hierby beleef ons ook die milieu van die metropool en die Stadswerm wat by sommige groeipunte ontstaan het en wat vir 'n lang tyd vorentoe sorgvuldige beplanning verg.

Daar is 'n groot tekort aan beplanners. Hulle mediaaninkomste beloop R5,295 per jaar en die meerderheidsgroep (30 persent) val in die inkomstegroep R6,000 en meer.

Benewens die gewone merietebeurse wat die Universiteit aanbied, is beurse en beurslenings ook beskikbaar van die Staatsdienskommissie en van die Instituut vir Stads- en Streekbeplanners. Besonderhede oor die kursus, wat nagraads is, is van die Universiteitskantoor te kry.

Prof. D. Page is die hoof van die Departement van Streekbeplanning. Hy word bygestaan deur 'n sterk paneel van ander deskundiges.

Die Universiteitsraad het besluit om die kursus vir die Meestersgraad in Stads- en Streekbeplanning (M. (S. en S.)) vanaf 1970 ook na-uurs op Stellenbosch aan te bied.

Dit sal beteken dat werkende persone wat in voltydse betrekkings staan, die kursus oor drie jaar sal kan volg. Die deeltydse studente sal op Saterdagoggende praktiese werk moet doen, en sal vir ten minste twee weke per jaar voltyds aan 'n navorsingsprojek moet werk.

Die nagraadse kursus in Streekbeplanning word reeds sedert 1968 aangebied.

Wysiging van B.Mil.-kursusse

Die Universiteit en die Opperbevel van die S.A. Weermag het besluit om die B.Mil.-kursusse vir die opleiding van offisiere in die Weermag te wysig. Die huidige gebruik dat studente aanvanklik vir 'n tydperk van een jaar militêre opleiding ondergaan en daarna vir drie jaar aan die Militêre Akademie in Saldanha vir die graad B.Mil. studeer, sal voortaan gewysig word sodat die akademiese studie na die begin van die vier jaar lange offisiersopleiding verskuiwe word en die militêre opleiding na die einde.

Dit sal beteken dat die vierde jaar uit suiwer militêre opleiding sal bestaan en dat die jong offisier as hy sy loopbaan begin sy nodige militêre opleiding en oriëntasie vars in sy geheue het.

Wysiging van Kursus in Drama

Die Universiteit het besluit om die vierjarige graadkursus vir die graad B.Dram. en die driejarige kursus vir die graad B.A. met Drama as een van die hoofvakke, af te skaf en te vervang met 'n driejarige B.Dram.-graad.

Vir die graad B.Dram. sal studente Drama en òf Afrikaans-Nederlands òf Engels as hoofvakke moet aanbied. Na behaling van B.Dram.-graad, kan die grade Hons.-B.Dram. en M.Dram. gevolg word.

Wysiging van die Kursusse in Huishoudkunde

Die Universiteit van Stellenbosch bied vanaf 1970 die volgende gewysigde en nuwe kursusse in Huishoudkunde en Dieetkunde aan :

1. B.Sc. in Huishoudkunde (driejarige kursus).
2. B.Sc. met Dieetkunde en Fisiologie as hoofvakke (driejarige kursus).
3. B. in Huishoudkunde (vierjarige kursus).
4. O.D.H.N. (Onderwysersdiploma in Huishoudkunde en Naaldwerk) (Vierjarige kursus).
5. Nagraadse Voorligtingsdiploma in Huishoudkunde (een jaar).

Die vierjarige B.Sc.- en B.-graadkursusse in Huishoudkunde (Rigting Voorligting) asook die vierjarige B.Sc. in Huishoudkunde (Dieetkunde-rigting) word afgeskaf. 'n *Driejarige B.Sc.* in Huishoudkunde is ingestel. Hierdie graad lei tot 'n Honneursgraad, die Sekondêre Onderwysersdiploma en die nuwe *Nagraadse Voorligtingsdiploma in Huishoudkunde.*

Die bestaande O.D.H.N. (drie jaar) is gewysig en is vanaf 1970 'n *vierjarige* diplomakursus. Studente wat in die onderwys belangstel kan die B.Sc. in Huishoudkunde, die B. in Huishoudkunde of die O.D.H.N.-kursusse volg. Diegene wat hul wil bekwaam om as voorligtingsbeamptes by die Departement Kultuursake te gaan werk, neem òf die vierjarige B. Huishoudkunde, òf die B.Sc. in Huishoudkunde, òf die B.Sc. met Dieetkunde en Fisiologie as hoofvakke met die eenjarige Voorligtingsdiploma daarna.

Voornemende studente in enigeen van die B.Sc.-rigtings moet Wiskunde en Natuurwetenskap en Skeikunde as vereiste matriekvakke aanbied, terwyl matriekvrystelling vir die graad B. in Huishoudkunde vereis word. Natuurwetenskap en Skeikunde tot matriek is 'n baie sterk aanbeveling. Die O.D.H.N.-kursus kan geneem word deur studente wat nie matriekvrystelling het nie.

Vir die dogter met 'n natuurwetenskaplike of 'n paramediese belangstelling, is die B.Sc. in Huishoudkunde of die B.Sc. met Dieetkunde en Fisiolofie as hoofvakke die aangewese rigting.

Opknappingskursus in Radiologie

Die tweede Opknappingskursus in Radiologie vir praktiserende geneeshere het op 15 en 16 Januarie 1970 by die Karl Bremer-hospitaal plaasgevind. Die kursus is aangebied deur die Departement Radiologie in samewerking met die Senaatskomitee vir Indiensopleiding van die Universiteit van Stellenbosch.

Twintig geneeshere het die kursus bygewoon; sommige so ver as van Zambia en Suidwes-Afrika. 'n Twintigtal lesings is gelewer en besoeke is gebring aan die afdelings waar X-straal foto's geneem word, radioterapie toegepas word en diagnose met behulp van kringtelevisie gemaak word.

Kursusgangers en dosente.
Voor, derde van regs, sit prof. H. D. Brede (Geneeskundige Mikrobiologie) en vierde van regs sit prof. C. J. B. Muller (Radiologie).





Geskiedeniskonferensie

By die Geskiedeniskonferensie op 19 September verlede jaar was o.a. v.l.n.r. mnr. P. M. H. Calitz (lektor in Geskiedenis aan U.S.), mnr. P. S. Meyer (hoofonderwysbeplanner van die Kaaplandse Onderwysdepartement), mnr. G. A. Chadwick van die Federale Hoofbestuur van die Historiese Genootskap, en mnr. R. Maree, sekretaris van die Genootskap, teenwoordig.

Liggloedmeter vir Sanae

Mnr. F. M. Hamm van die Departement van Fisika van U.S., wat die elektroniese werk gedoen het (links), en prof. P. B. Zeeman, onder wie se leiding dit gebou is, by die liggloedmeter, net voor dit afgetakel is vir versending na Antarktika. Mnre. G. Daubitzer en T. Monaci het ook met die vervaardiging gehelp. Die waarde van die instrument is ongeveer R10,000 en sal op Sanae die liggloed meet. Dit is ongeveer 1,000 maal sensitiewer as 'n gewone kamera. Die hut waarin dit geplaas word, het 'n glas koepel en kan twee man huisves. Dit is ook deur U.S. gebou.

Vertrekkende Dosente

'n Afskeidsgeselligheid vir vertrekkende dosente is op 26 November 1969 deur die toenmalige Rektor en mevrou H. B. Thom aangebied.

PROF. J. C. G. KOTZÉ

Prof. J. C. G. Kotzé van die Fakulteit van Teologie het aan die einde van 1969 sy emeritaat aanvaar. Hierdie „onstuimige dienskneg van die Here" kan egter nie rustend bly nie, derhalwe het hy op Kimberley begin met skolingswerk onder die gelowiges, ouderlinge en diakens.

Prof. Kotzé is op 8 Augustus 1901 in Nieuwoudtville gebore terwyl sy vader krygsgevangene in die Calviniase tronk was. In 1928 het hy sy Kweekskoolstudie voltooi en sy Kandidaats- en Proponentseksamens *magna cum laude* geslaag. In 1928 is hy met mej. Regina Hendrikse getroud. Hy het 'n ruim getal gemeentes bedien en was o.a. sewe en 'n half jaar spesiale evangelieprediker. Van 1946 tot 1948 was hy op Princeton waar hy met lof sy Th.D. behaal het. Hy was veertien jaar lank professor in Amptelike Vakke aan U.S.

Prof. Kotzé sal onthou word as tere Christen met 'n kragtige persoonlikheid en nugtere denke. Mag „Oom Kolie" in sy nuwe taak, wat hy as 'n geopende deur beskou, nog baie seënryke werk doen.

PROF. R. I. NEL

Prof. R. I. Nel, D.Sc. in Landbou (Stell.), het op 65-jarige leeftyd in Julie 1969 as professor in Vrugtetegnologie afgetree nadat hy 23 jaar hoof was van die Navorsingsinstituut vir Vrugte- en Voedseltegnologie op Stellenbosch. Prof. Nel is aan die begin van 1948 as professor in Vrugtetegnologie aangestel. Hy is veral bekend weens sy bydrae ter bestryding van die kodlingmotplaag en die ontwikkeling van doeltreffende chemiese spuitmiddels.

Sy arbeidsveld het o.a. verskeie Regeringskommissies, talle wetenskaplike verenigings en komitees ingesluit, terwyl etlike wetenskaplike publikasies uit sy pen gevloei het.

Prof. Nel is op Lady Grey gebore en het op Stellenbosch die grade B.Sc. en M.Sc in die Landbou, beide met onderskeiding, behaal. In Engeland het hy twee jaar lank insektekunde bestudeer en o.a. in Egipte en in Sumatra gewerk. In 1933 het hy na Stellenbosch as lektor teruggekeer. In 1930 is hy met mej. Marie Malherbe van Boshof getroud.

Voor, v.l.n.r.: Mev. R. I. Nel, prof. R. I. Nel, mev. H. B. Thom, prof. H. B. Thom, mev. J. C. G. Kotzé, prof. J. C. G. Kotzé.
Tweede ry: Mev. T. G. Alant, mev. I. C. Rust.
Derde ry: Mnr. T. G. Alant, mev. H. G. Raubenheimer, mnr. H. G. Raubenheimer, mev. H. Steinwender, mnr. H. Steinwender, mev. A. C. Esterhuizen, dr. A. C. Esterhuizen.

Oud-Maties

Die Konvokasie van 11 Desember 1969

Die Konvokasie het aan die einde van 1969, soos ook aan die einde van 1968 gedoen is, in die Wilcocksgebou onder presidentskap van prof. C. G. W. Schumann vergader.

Onder die aanwesiges was o.a. mnr. A. S. Stadion wat met sy volgende verjaardag waarop hy 90 sal wees, gelukgewens is; prof. Maré (Rektor van die Zoeloelandse Universiteitskollege); prof. S. P. Olivier (Rektor van die Universiteitskollege vir Indiërs te Durban) en verskeie afgetrede en rustende oud-Maties.

Die notule, gehou deur mnr. J. R. Olivier van die Administrasiekantoor, sal lede van die Konvokasie formele inligting gee oor die afloop van die vergadering, maar die Redakteur van *Matieland* wil beklemtoon dat 'n konvokasievergadering self, en die gesellige samesyn daarna, 'n besondere belewenis is. U moet dit nie misloop as u in die nabyheid van Stellenbosch is nie.

Die Departement van Ontwikkeling beskik reeds oor meer as 16,300 adresse van oud-Maties en donateurs aan wie *Matieland* gratis gestuur word, maar die behoefte bestaan nog steeds aan groter persoonlike kontak. Ter wille van oud-Maties wat al gevra het of konvokasievergaderings nie op hulle dorpe ook gehou kan word nie, moet ter verduideliking gemeld word dat die Universiteitswet bepaal dat sulke vergaderinge net in die setel van die Universiteit gehou mag word. Die universiteitswet is in latere jare gewysig om, vanweë U.S. se akademiese aktiwiteite, ook Parow, Bellville en Saldanha as setels van die Universiteit in te sluit.

Daar is ook van prof. H. B. Thom as uittredende Rektor afskeid geneem. Prof. Thom het beklemtoon dat die Universiteit volgens wet o.a. uit die Konvokasie bestaan. (Sien ook *Matieland* van April 1969.) Die Konvokasie wys 6 van die 19 lede van die Universiteitsraad aan!

Dit het prof. Thom groot leed aangedoen dat oor die jare ruim getalle kinders selfs van donateurs en oud-Maties weens gebrek aan akkommodasie moes afgewys word. Hy wys op die gevaar dat te veel klem op tegnologiese rigtings gelê mag word. Die vorming van die gees, selfs in die wetenskappe, bly belangrik. Gesonde ewewig moet bewaar word.

Ten slotte het die President met 'n flikkering in die oog gesê dat prof. Thom „'n diktator met 'n ‚sense of humour' " was, en toe meer sentimenteel laat volg:

Baie dankie Rektor Thom,
Professor Thom,
Quintie Thom.

Konvokasiegrappies
Mnr. Cecil Raubenheimer (links) vertel sy allerbeste grappie aan mnre. Felix Botha en Albie Basson (regs).

Oud-Maties by die onthaal in Wilgenhof
V.l.n.r.: Ds. H. A. Heyns (predikant Stellenbosch-Wes), mnr. A. J. Esterhuyse (Assistent-Direkteur van Ontwikkeling, U.S.), mnr. G. J. Riedemann (onderwyser, Stellenbosch), ds. en mev. Joz Theron (predikantspaar, Elliot), dr. D. J. Conradie (oud-dosent in Geografie, U.S.) en mnr. P. J. Lombard (Direkteur van Ontwikkeling, U.S.).

By die onthaal ná die konvokasie
V.l.n.r: Adv. J. S. Davel (Calvinia), prof. H. B. Thom (uitgetrede Rektor) en prof. C. G. W. Schumann (President van die Konvokasie).

Die Oud-Matiebondtak van Malmesbury

Bogenoemde tak het op die aand van 12 September 1969 'n hoenderbraaigeselligheid op die plaas Swartdam van mnr. Izak van der Merwe gehou. Dit is terdeë geniet deur die ongeveer honderd aanwesige oud-Maties en hulle gaste. Die gasspreker, prof. Bun Booyens, het hulde betuig teenoor prof. H. B. Thom wat aan die einde van 1969 as rektor van U.S. uitgetree het.

Op die Algemene Vergadering wat terselfdertyd gehou is, is die bestuur soos volg gekies:



Mnr. Eddie Pienaar : Voorsitter.
Mnr. Piet (Spiere) du Toit : Ondervoorsitter.
Mnr. Jan Mostert : Sekretaris/Penningmeester.
Mev. Zora Swiegers : Addisionele Lid.
Mnr. Eddie Mostert : Addisionele Lid.

(Die Sekretaris beloof om in die toekoms 'n geskikte foto saam met sy verslaggie te stuur. Dit is net die ware jakob om die beriggie aan te vul. – Red.)

Mnr. J. M. de Wet, L.V. vir Karas, S.W.A., is as Kommissaris-generaal vir die Naturellevolke in Suidwes aangestel. Mnr. De Wet het sy landbou-opleiding op Stellenbosch gehad, waarna hy in S.W.A. gaan boer het. Sy standplaas sal op Oshakati, Ovamboland, wees.

Mnr. A. C. Cilliers, B.A., LL.B. Stell. (1955) is tot die eerste dekaan van die Fakulteit van Regte van die Universiteit van Port Elizabeth verkies. Die vroeëre Departement van Regte het gedurende 1969 'n volwaardige fakulteit geword. Hy is die seun van prof. A. C. Cilliers, afgetrede professor van U.S.

DR. W. P. DE KOCK (D. SC. 1932): HAVENGA-PRYS

Die Havenga-prys vir Geologie vir 1969 is deur die S.A. Akademie aan dr. De Kock toegeken. In 1954 is die Draper-medalje vir Geologie ook aan hom toegeken.

Dr. W. P. de Kock

Dr. De Kock was hoofkonsult-geoloog by Goudvelde van S.A. by sy aftrede in 1966. Hy is tans voorsitter van die Beheerraad van die Diamante Produsentevereniging van S.A., direkteur van die nuut gestigte Bantoe Mynkorporasie, lid van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, voorsitter van die Advieskomitee van die W.N.N.R. vir Seenavorsing en erelid van die Geologiese Vereniging van S.A.

OUD-MATIEBAADJIES

Prys R25.00
Alle Nommers altyd in Voorraad
Die Nuwe Terylene Oud-Matiedas
so pas ontvang Prys R2.45

Skryf aan:

pikkie blommaert
mansuitruster stellenbosch

Posbus 94
Stellenbosch

Studentebedrywighede

Kranslegging op graf van Dr. D. F. Malan

Die Voorsitter van die Studenteraad, mnr. Dirk Hertzog, lê in die vroeë oggendure van 10 Oktober 1969, namens die S.R. 'n krans op die graf van wyle dr. D. F. Malan, wat jare lank kanselier van U.S. was. Verskeie ander liggame het op dieselfde wyse eer betoon. Die geleentheid word jaarliks deur die S.R. gereël. In die agtergrond is ander S.R.-lede.

Vinnige Blik op U.S. se Sport

Welkom terug in Matieland. Hartlik geluk met u prestasies. Beste wense vir 1970.

RUGBYSPRINGBOKKE (BRITSE EILANDE)

André de Wet	Johan van der Merwe
Gert Muller	Andrew van der Watt

Welkom tuis; u het ons nie in die steek gelaat nie.

TENNIS

Andrew Pattison – 'n moontlike Springbok
Die Mans : Wenners W.P. Kampioenskap
Wenners Senior Liga (onoorwonne)
Wenners S.A. Universitêre kampioenskap
Die Dames : S.A. Universitêre kampioenskap
Tweede in W.P. Senior Liga (Een speelster was beseer)

Die S.A. Skole-kampioenskaptoernooi het nou sy vaste tuiste op Stellenbosch. (Tennis se „Craven"-week.)

Mnr. T. T. Houba – die puik afrigter.

KRIEKET

Eddie Barlow (Vorige Krieketafrigter)
Mike Procter (Huidige krieketafrigter)
André Bruyns (12e man eerste kriekettoets)

'n Krieketspan deur sy teenstanders gerespekteer.

ATLETIEK

Dalrymplebeker : Afgelope drie jaar deur die mans verower.
Dyason-skild : Afgelope drie jaar deur die dames verower.
Internasionale byeenkoms te Salisbury (20 Des. 1969) : Eenvoudig oorheers deur Stellenbosch.

Mnr. Ivor Potgieter – die ervare afrigter.

KANOVAART

Roelof en sy broer Willem van Riet (oud-U.K.-student) wen die kanovaart in Spanje (1969) – skitterende ambassadeurs. Die R.S.A. se vlag waai vanjaar in Spanje.
Wen ook die Duzi-kanomarathon van Pietermaritzburg na Durban (1970).

In hierdie „waterjaar" wil hulle 'n kanoklub op Stellenbosch probeer stig.

Beste wense!

Rekords spat

UNIVERSITEITSRUGBY: 1969

Die verslag van die Rugbyklub Stellenbosch (gestig 1880) vir die jaar 1969 dui op 'n ware wonderjaar. Die verslag strek oor negentien bladsye waarvan 'n aanhaling (op bl. 2) m.b.t. die Eersteliga hier volg :

KOMPETISIE VAN DIE WESTELIKE PROVINSIE

Eersteliga

Die Eerstespan het sprankelende rugby gespeel en het verdien om onoorwonne deur die seisoen te gaan. Die Groot Uitdaag- en die Stadsbeker staan reeds in ons Klubhuis. Hierdie prestasie word nie maklik en sonder toewyding, entoesiasme en werklike liefde vir die spel gelewer nie.

Die span het 'n rekord van 441 punte aangeteken, en onder andere is 91 drieë gedruk, 74 daarvan deur agterspelers. Albei hierdie genoemde tellings t.o.v. punte vir, en drieë, slaan alle bestaande rekords.

In beide die laaste twee wedstryde van die seisoen waarin die Stads- en Groot Uitdaagtrofee beslis is, het ons teen die Universiteit Kaapstad te staan gekom. Ons speel sonder ons provinsiale spelers en Springbokke – en vra maar vir Nuweland wat daar gebeur het! Weer eens is bewys dat Stellenbosch se krag in sy diepte en die manne van die tuisfront lê. Hartlik geluk aan al ons senior spelers en ons vertrou julle herhaal volgende seisoen hierdie prestasie.

Die Eerstespan was onoorwonne vir die seisoen en het slegs een wedstryd gelykop gespeel. Dit is die eerste keer sedert 1905 (Annus Mirabilis) dat hierdie prestasie geëwenaar is.

In 1906 het nege Maties Springbokkleure verwerf toe Japie Krige, Bob Loubser, Anton Stegmann en Boy de Villiers, *agterspelers,* bekend geword het as „The Thin Red Line". Vanjaar is hierdie prestasie deur Gert Muller, Eben Olivier, Andrew van der Watt en Johann van der Merwe herhaal.

(André de Wet, die vyfde Springbok (1969) is 'n voorspeler. – Red.)

Laat Berigte

F.A.K.-Musiekbeurse

Op 'n vergadering van die Uitvoerende Komitee van die F.A.K. op 17/2/70, gehou in die Administrasiegebou van U.S., is 'n F.A.K.-musiekbeurs aan mej. Claudine von Willigh oorhandig. 'n Spesiale musiekbeurs is in sy afwesigheid aan Pieter Smit toegeken. Sy moeder, mev. Hanlie Muller, het dit in ontvangs geneem.

Foto: L.n.r.: Prof. G. G. Cillié (lid van die Musiekkommissie van die F.A.K.), mej. C. von Willigh, mev. Hanlie Muller, prof. H. B. Thom (Voorsitter van die F.A.K.).

Seminaar oor metodes van Universiteitsonderrig

'n Hele aantal dosente van die Universiteit het in die week voordat die akademiese jaar op 23 Februarie begin het, 'n seminaar oor *Metodes van Onderrig aan die Universiteit,* bygewoon. Die seminaar het van 18 tot 20 Februarie plaasgevind en is aangebied deur die Senaatskomitee vir Indiensopleiding onder voorsitterskap van prof. J. F. A. Swartz.

Die doel van die seminaar was om op interfakultêre grondslag die nuutste ontwikkelings op die gebied van universitêre onderrig te bespreek.

Die seminaar is bygewoon deur 'n groot aantal

dosente, van wie minstens een-derde professore was. Die opening is deur die Rektor, prof. J. N. de Villiers, waargeneem. Hy het sy volle steun daaraan toegesê en die hoop uitgespreek dat die besprekings baie vrugbaar sal wees, aangesien dit 'n uitstekende gedagte is dat alle dosente gesamentlik gedagtes wissel en kennis insake onderrig uitruil.

Die program is onder die voorsitterskap van prof. M. J. de Vries afgehandel en het die volgende onderwerpe ingesluit:

Die doelstellings van universiteitsonderwys
Onderrig aan groot klasse en meer bepaald die beperkings en moontlikhede van die Voorlesing
Onderrig aan klein groepe en meer bepaald die beperkings en moontlikhede van die besprekingsgroep.
Die „tutorial" en ander individualiseringstegnieke in universiteitsonderwys
Geprogrammeerde onderrig as individualiseringstegniek in universiteitsonderwys
Die gebruik van oudiovisuele hulpmiddels in die universiteitsonderwys
Toetsing en eksaminering in die universiteitsonderwys
Die studieprobleme van eerstejaarstudente.

Vyf broers op U. S.

Dit gebeur seker selde dat ses kinders uit dieselfde gesin aan dieselfde universiteit studeer. Dat vyf van hulle gelyktydig ingeskrewe studente is, is waarskynlik uniek. Hulle suster, Dorothea, het vroeër reeds die L.D. Bib. op U.S. afgelê en hou skool op Bedford. Hulle vader is mnr. Coenie Louw van Bellville.

Die nuwe Rekensentrum

Die Rektor van U.S., prof. J. N. de Villiers, het op 6 Maart 1970 die eerste sooi vir die fondament van die nuwe Rekensentrum van die Universiteit gespit. Hierdie gebou wat die nuwe IBM 360/50 rekenaar van die Universiteit moet huisves, sal binne die kort tyd van drie maande deur die Universiteit se eie bouspan gebou word.

Die rekenaar, wat op 1 Julie 1970 in ontvangs geneem sal word, is die vinnigste van sy soort en kan tussen 100,000 en 500,000 optelsomme per sekonde doen.

Die rekenaar sal onder die beheer van die Departement Rekenaarwetenskap, waarvan prof. G. L. Murray die hoof is, staan. Die Departement wat vanjaar begin funksioneer het, moet enersyds rekenaar-

Op die foto verskyn v.l.n.r.: Christoff (26) B.Comm., van Parow wat besig is met die graad Hons. B. (B. en A.); Chrisman Joël (20), tweedejaar in die Geneeskunde; Stefan (31) van Bellville, 'n geoktrooieerde rekenmeester, wat besig is met die voltooiing van die graad M. (B. en A.); Marthinus (18) neem B.Comm. I; Bernhard (29) M.A., verbonde aan die Dept. van Ontwikkeling van U.S., is ingeskryf vir die graad M.P.A.



wetenskaplikes oplei en andersyds 'n diens verskaf aan ander Departemente.

Die grootste probleem van elke Universiteit is altyd die administrasie verbonde aan duisende studente en alles wat daarmee gepaard gaan — persone, geboue, apparaat, voorrade en losies. Daarbenewens word die navorsingsprojekte van baie Departemente bespoedig.

Die opleiding van rekenaarswetenskaplikes is van die allergrootste belang in Suid-Afrika, want alhoewel daar al so baie rekenaars aangekoop is deur wetenskaplike instansies en besighede, is daar 'n skreiende tekort aan opgeleide mense om die rekenaars te bedien.

Oud-Maties

PROF. H. GONIN VERTAAL „PRAELECTIONES" VAN VAN DER KEESSEL

Op 3 November 1969 het die S.A. Akademie 'n goue erepenning toegeken aan prof. Gonin vir die vertaling in Afrikaans van die laaste omvattende werk oor die Romeins-Hollandse Reg wat voor die kodifikasie daarvan onder Napoleon verskyn het. Die *Praelectiones* is 'n reeks voorlesings in Latyn wat prof. Van der Keessel gelewer het ter toeligting van De Groot se Inleidinge tot die Hollandse Regsgeleerdheid. Die werk beslaan vyf bande.

Prof. Henri Gonin het in 1923 aan die Hoër Seunskool Stellenbosch gematrikuleer. Die B.A.-graad in Klassieke Tale is in 1926 op Stellenbosch behaal en sy doktorsgraad te Leiden. In 1933 het hy as dosent in Latyn na Stellenbosch teruggekeer en sedert 1938 is hy professor in Latyn te Pretoria waar hy ook die LL.B.-graad behaal het. Sy opleiding in Latyn en die Regte, het hom besonder geskik gemaak vir hierdie werk wat van groot belang vir Suid-Afrikaanse regstudente is.

'N KEUR UIT ONS JONGSTE BOEKE

APOCRYPHA deur M. M. Walters
'n Nuwe bundel gedigte van M. M. Walters. Sy vorige bundel, CABALA, is reeds met die W. A. Hofmeyr-prys en die Eugène Marais-aanmoedigingsprys bekroon.

NAG VAN LEGIO deur P. G. du Plessis
'n Moderne drama waarin die verwoestende werking van die bose treffend uitgebeeld word.

DIE ANDER WERKLIKHEID deur Ernst van Heerden
Prof. Van Heerden se jongste bundel letterkundige beskouings.

MENÉ TEKÉL deur prof. P. D. van der Walt
'n Bundel letterkundige studies en kritieke.

DIE KUNS EN DIE GEMEENSKAP
Referate gelewer by die jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Hierdie bundel bevat bekende referate soos dié van prof. A. P. Grové oor die Literatuur en die Gemeenskap.

KANEEL deur T. T. Cloete
Studies oor die poësie, prosa en die kunsteorie.

SUID-AFRIKAANSE BIOGRAFIESE WOORDEBOEK onder redaksie van dr. W. J. de Kock
Hierdie pragboek, Deel I in 'n beplande reeks van ses, bied 'n enkele, basiese bron van gesaghebbende inligting oor persone wat vername bydraes tot ons geskiedenis gelewer het. Deel I bevat 568 biografieë en beslaan 933 bladsye.

SUID-AFRIKAANSE BIOGRAFIESE WOORDEBOEK 'n Naamlys
Die boek bevat 'n lys van alle name wat die redaksie beoog om in die voltooide stel van die Biografiese Woordeboek op te neem.

DIE KULTUURGESKIEDENIS VAN DIE AFRIKANER Redakteur prof. P. de V. Pienaar
'n Nuwe uitgawe, in een band, van 'n bekende boek waarin die Afrikaner rekenskap gee van wat hy aan kultuur besit.

PRESIDENT STEYN deur Johannes Meintjes
Die eerste volwaardige biografie in Engels oor die lewe van die laaste President van die Republiek van die Oranje-Vrystaat.

Uitgegee deur **TAFELBERG-UITGEWERS** Kaapstad

Verkrygbaar by die naaste tak van
NASIONALE BOEKWINKELS BEPERK
en by alle ander boekhandelaars.

715/A

Frick

Sig-Sag-Naaimasjiene Doen gewone werk, knoopsgate, knope, omkap, borduurwerk, name skryf ens. Ongelooflik maklik en netjies.

Handaangedrewe **R117.50** Min 20% vir kontant

Motoraangedrewe **R133.75** Min 20% vir kontant

Frick-Skêr **R3.00** Gemaak van geweerstaal

Duitse Naaisy **50c** Per 1.000 jts. tot

Posbestellings kry onmiddellike aandag

Voortrekkerweg 35 Parow, Kaap, Foon 98-6489

Oud-Maties ! U Adresse

Die Universiteit van Stellenbosch wil graag sy band behou met alle oud-Maties.

Indien u self, of 'n ander oud-Matie van wie u weet, nog nie *Matieland* kry nie, vul asseblief die vormpie in en stuur dit aan die redakteur.

Gebruik ook die vormpie om verandering van adres aan te dui. Iemand *wat kennis gee* van 'n adresverandering verbly die hart van die redakteur.

Knip uit en stuur asseblief aan Die Redakteur van Matieland

DRUKSKRIF ASSEBLIEF

Aan: Die Redakteur, Matieland, Departement van Ontwikkeling, Universiteitskantoor, Stellenbosch.

Van en Voorname:.....

Prof., Dr., Ds., Mnr., Mev., Mej.:.....Nooiensvan:.....

Werkadres:.....

.....Telefoon Nr.:.....

Woonadres:.....

.....Telefoon Nr.:.....

Graad (Grade) en/of Diploma(s) aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf, met jaartalle:.....

.....

Huidige Betrekking:.....

My vorige adres was:.....

.....

Verdere besonderhede (prestasies, ens.):.....

.....

.....

.....

DIE MATIELANDFONDS

Die Redakteur,
Matieland,
Universiteit van Stellenbosch,
STELLENBOSCH.

Geagte Heer,

Aangeheg is my bydrae tot die Matielandfonds ter bestryding van die druk- en verspreidingskoste van *Matieland*.

Naam (Prof., Dr., Ds., Mnr., Mev., Mej.):.....

.....

Bydrae: R.....

(Maak tjeks asseblief betaalbaar aan die *Matielandfonds*. Bydraes word erken per kwitansie en in Matieland.)

MOTORVERSEKERING

VZ&R — K235/40A

Die spreekwoord sê: Niemand is te oud om te leer nie. SAAMBOU sê: Niemand is te jonk om te spaar nie.

Uitstekende advies as jy nou reeds selfstandig wil wees en trots daarop is om voorsorg te maak vir jouself en wat joune is. Verseker jou selfstandigheid deur 'n spaarrekening by SAAMBOU te open. SAAMBOU bied jou die beste advies oor geldsake en voeg boonop ekstra geld by jou spaarbedraggie met hul aantreklike jaarlikse rente van 4%. Wees selfstandig—spaar vir jouself en wat joune is by

Saambou

WAAR MENS TUIS VOEL

VZ&R — K5815A/2

Elke Sigaret 'n Meesterstuk

Produk van Suid-Afrika

VRF A 165Q

Gedruk deur Nasionale Handelsdrukkery, Bpk. — Elsiesrivier